

STRUIKELBLOKKE IN DIE IMPLEMENTERING VAN DIE

**HIV/VIGS - OPVOEDINGSPROGRAM VAN DIE NOORD-WES
PROVINSIE**

deur

ALTA COETZEE

SKRIPSIE

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad



OPVOEDKUNDIGE SELKUNDE

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE EN VERPLEEGKUNDE

aan die

RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT

STUDIELEIER: Prof J.C. Kok

Desember 1999

DANKBETUIGINGS

Ek betuig graag my dank en waardering aan die volgende persone wat met hulle onderskeie bydraes die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het:

Prof. J.C. Kok wat as my studieleier opgetree het vir sy wetenskaplike insig, geduld, opofferings, noukeurigheid en voorbeeld. Dit was >n voorreg om saam met hom te kon werk.

Tokkie Coetzee vir sy motivering, bydrae en begrip, maar ook vir die opofferings wat hy moes maak tydens my studie.

Die onderwysers wat hulle belewinge so openhartig gedeel het.

Wanda le Roux vir noukeurige tikwerk.

En bowenal: **God**, wat aan my die geleentheid en die vermoë gegee het om deur te druk met hierdie taak.



ABSTRACT

This qualitative, phenomenological study focuses on the implementation of HIV/AIDS, sexuality and life skills education programmes in schools in the Brits District in the North West province.

HIV/AIDS is taking on pandemic proportions world-wide. Southern Africa is the region with the highest growing rate of new infections and although various efforts have been made to educate people about the disease, behavioural change is seemingly not taking place.

The National Department of Health and Education embarked on a joint initiative to introduce and implement Life Skills programmes in schools because they acknowledged the fact that information alone is not enough to change behaviour. Skills and attitudes also play an important role. The focus of the programme is the HIV/AIDS pandemic, which has a particularly high incidence in youth. It is presented within the framework of sexuality education, in the learning area Life Orientation.

In the Brits District in the North West province teachers were trained and equipped to implement the programme at their various schools. Reports indicate that despite the fact that implementation is required by National Education Policy it is not happening at schools. This study aims to enquire to the problems teachers might experience in implementation and to provide guidelines to help address these problems. In addition to exploring this aspect, this study also investigates the controversy regarding sexuality education and the characteristics of programmes that were successfully introduced globally.

The findings of this study show that the problems teachers experience can generally be divided into three main categories. These categories are:

Problems within the school;

Problems within the community;

Problems within the province and the District.

These are the main themes, which are described. The sub-themes within the categories are also discussed.

The process whereby data was collected is described. This included interviews, focus group discussion, minutes of meetings and documents. The data analysis is examined and guidelines are suggested to address the problems experienced within the framework of the existing literature on programme implementation.

The study concludes with a discussion of the implications for further research.



HOOFSTUK 1**ORIËNTERING EN KONTEKSTUALISERING VAN DIE STUDIE**

1.1. INLEIDING	4
1.2. KONTEKS EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE	4
1.3. PROBLEEMSTELLING EN DOEL	7
1.4. BEGRIPSVERHELDERING	8
1.4.1. HIV/VIGS	
1.4.2. Seksualiteit	
1.4.3. Lewensvaardighede	
1.5. NAVORSINGSONTWERP EN –METODE	10
1.6. ETIESE ASPEKTE	11
1.7. NAVORSINGSVERLOOP	11

HOOFSTUK 2**OORSIG VAN LITERATUUR RAKENDE RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING VAN HIV/VIGS EN SEKSUALITEITPROGRAMME**

2.1	INLEIDING	12
2.2	SEKSUALITEITOPVOEDING	12
2.3	HIV/VIGS, SEKSUALITEIT EN LEWENSVAARDIGHEDEPROGRAMME	15
	2.3.1 Oorsig van Internasionale navorsing	15
	2.3.1.1 Implementering van seksualiteitopvoedingprogram	15
	2.3.1.2 Waardes, norme en religieusiteit	18
	2.3.2 Strukture en koördinerings van die Suid-Afrikaanse program	23
	2.3.3 Kurrikulering vir 'n HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighede-program	25
	2.3.4 Implementering van die program in die Noord-Wes provinsie	28
2.4	NASIONALE ONDERWYSBELEID VIR LEERDERS EN OPVOEDERS IN OPENBARESKOLE	30
2.5	SAMEVATTING	32

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSONTWERP EN –METODE

3.1	INLEIDING	33
	3.1.1 Navorsingskonteks	33
3.2	DIE NAVORSINGSONTWERP	35
	3.2.1 Probleem en doel	35
	3.2.2 Kwalitatiewe navraag	35
3.3	NAVORSINGSMETODE	37
	3.3.1 Geldigheid en betroubaarheid	37
	3.3.2 Navorsingsgroep	40
	3.3.3 Etiese aspekte	41
	3.3.4 Data – insamelingmetodes	42
	3.3.5 Dataverwerking	46
	3.3.6 Opstel van riglyne vir die implementering van die program	47
	3.3.7 Gevolgtrekkings en aanbevelings	47
3.4	SAMEVATTING	48

HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN RESULTATE EN LITERATUURKONTROLE

4.1	INLEIDING	49
4.2	VERWERKING VAN DATA	49
	4.2.1 Kodering	50
	4.2.2 Kwantifisering van resultate	50

4.3	BESPREKING VAN RESULTATE BEKOM UIT DIE FOKUSGROEPONDERHOUDE	50
4.3.1	Kategorie 1: Probleme binne die skool	51
4.3.1.1	Opgeleide onderwysers	51
4.3.1.2	Skoolroosters	52
4.3.1.3	Hulpbronne	54
4.3.1.4	Diverse groepe leerders	54
4.3.2	Kategorie 2: Probleme in die samelewing	
4.3.2.1	Ouers en gemeenskappe	55
4.3.2.2	Houdings, norme en waardes	56
4.3.3	Kategorie 3: Probleme binne die provinsie en distrik	57
4.4	SAMEVATTING	58

HOOFSTUK 5

RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN 'N HIV/VIGS, SEKSUALITEIT EN LEWENSWAARDIGHEDEPROGRAM IN DIE BRITS-DISTRIK IN DIE NOORD-WES PROVINSIE

5.1	INLEIDING	59
5.2	AANBEVELINGS OM DIE SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM IN DIE BRITS- DISTRIK TE BEWERKSTELLIG	59
5.3	MOONTLIKE TEKORTKOMINGE VAN DIE STUDIE	62
5.4	AANBEVELINGS VIR VERDERE STUDIE	63
5.5	SAMEVATTING	63
	BIBLIOGRAFIE	64
	BYLAE A	
	BYLAE B	

HOOFSTUK 1

ORIËTERING EN KONTEKSTUALISERING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

In hierdie studie gaan daar gefokus word op HIV/VIGS, op seksualiteit en op die lewensvaardighedeprogram wat aan skole in die Noord-Wes provinsie aangebied word. Meer spesifiek sal gekyk word na die probleme wat verhinder dat die program, alhoewel dit nasionale onderwysbeleid is, suksesvol in skole in veral die Brits-distrik in die Noord-Wes provinsie geïmplementeer word.

In die inleidende hoofstuk sal die konteks en rasionaal waarbinne die studie plaasvind, as motivering gestel word. Die navorsingsvraag, sowel as doel met die studie sal geformuleer word. Tersaaklike terminologie sal verduidelik word. Die navorsingsmetodologie sal kortliks bespreek word en ten slotte sal 'n oorsig van die struktuur en volgorde van die studie gegee word.



1.2 KONTEKS EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE

Volgens statistieke van die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO) en die Joint United Nations Programme on AIDS (UNAIDS), was daar wêreldwyd gedurende 1998, 3 miljoen jong mense met die HI-virus besmet. Dit kom neer op meer as 5 jong mense wat elke minuut besmet word, van elke dag, elke dag van die jaar. In Suid-Afrika lyk die prentjie selfs nog meer somber. Daar is op 3 Maart 1999 in die parlement bekend gemaak dat 3,6 miljoen volwasse Suid-Afrikaners teen die einde van 1998 met die HI-virus besmet was. Die grootste toename was onder die 15 tot 19 jariges, naamlik van 12,7% tot 21%. In die jaar 1997–1998 was daar ook 'n toename van 65,4% in HIV onder swanger tieners (National Education Policy Act, 1996 Notice no. 926 of 1999:3).

Die gebrek aan 'n geneesmiddel en die toename in besmetting van veral die jeug, plaas groot druk op ouers, onderwysers, opvoedkundige instellings en die gemeenskap om hierdie probleem daadwerklik aan te spreek. Navorsing soos aangehaal deur Edwards en Van der Merwe (1999:5) stel dat dit ook noodsaaklik is om leerders te bereik voordat hulle seksueel aktief raak indien belanghebbendes die verspreiding van HIV/VIGS suksesvol wil aanspreek.

Die Noord-Wes provinsie het in die lig van bogenoemde 'n intersektorale provinsiale komitee saamgestel om aandag aan die beplanning en implementering van 'n HIV/VIGS-opvoedingprogram te gee. Gedurende April 1997 het die komitee 'n sakeplan vir die implementering van 'n HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighede-program in skole aan die Europese Unie (EU) voorgelê ten einde 'n donasie van een miljoen rand daarvoor te ontvang.

Hierdie voorgelegde program is gebaseer op die observasie dat die blote oordrag van biomediese inligting omtrent die HI-virus nie genoeg is om jongmense te oortuig om verantwoordelike seksuele gedrag aan te leer nie. Gedragsverandering sal slegs bewerkstellig word indien jongmense motiveer word om die regte gedrag aan te leer, of om bestaande gedrag te wysig. Daarmee saam moet hulle ook vaardighede aanleer sodat verworwe kennis in praktyk omgeskakel kan word en houdingsverandering te weeg gebring kan word (Kerr, Allensworth en Gayle, 1989:301-307).

Die samestelling van die betrokke opleidingprogram vir onderwysers van die Noord-Wes provinsie, wat oor drie dae aangebied is, het sover as moontlik aan hierdie vereistes voldoen. Die fasiliteerders van die werksinkels het gekonsentreer op groepwerk en groepdeelname sodat die onderwysers in die praktyk kon sien hoe om die leerders in 'n HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighede-program aktief te laat deelneem.

Onderwerpe wat in detail bespreek is, is onder andere :

- Motivering vir die noodsaaklikheid van 'n HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighede-program in skole;
- Ontwikkelingsfasies van leerders in die latente fase, vroeë puberteit en puberteit;

- HIV/VIGS : bewusmaking van persoonlike houdings, waardes en vooroordele;
 - : sensitisering ten opsigte van mense wat met die HI-virus leef;
 - : basiese inligting rondom voorkoms, verspreiding en voorkoming van besmetting met die HI-virus;
- Nasionale en provinsiale onderwysbeleid rakende HIV/VIGS;
- Seksualiteitopvoeding : manlike en vroulike voortplantingsisteme;
 - : seksuele ontwikkeling, puberteit en seksuele volwassenheid;
 - : gesinsbeplanning, swangerskap en geboorte;
 - : seksueel oordraagbare siektes (STDs);
 - : leerders in die latente fase, vroeë puberteit en puberteit;
 - : seksuele mishandeling;
- Hantering en versorging van mense wat met die HI-virus leef.

Leerders het egter nie net feite en inligting nodig nie, maar ook vaardighede om kennis in gedrag om te skakel. Daar is gepoog om die onderwysers toe te rus met die kundigheid en vaardighede wat aan leerders oorgedra moet word sodat hulle kan leer om verantwoordelike en verantwoordbare keuses te maak, voordat hulle seksueel aktief raak. Die situasie verwys in hierdie geval nie net na seksuele gedrag nie, maar ook na keuses betreffende die gebruik van alkohol, dwelms, rook en ander moontlike skadelike praktyke. Van die vaardighede wat hier veral van belang is, is besluitneming, probleemoplossing, selfhandhawing en onderhandeling.

Skoolhoofde is versoek om, aan die hand van geskrewe seleksiekriteria, twee onderwysers af te vaardig om die kursus by te woon. Die opleiding van die geselekteerde hoër- en middelskoolonderwysers is teen die einde van Oktober 1997 voltooi. Die opleiding van laerskoolonderwysers is afsonderlik beplan om spesifiek aan die behoeftes en ontwikkelingsvlakke van die laerskoolleerder te voldoen. Die Noord-Wes provinsie moes self begroot vir hierdie opleiding en dit is in Maart 1999 voltooi.

By voltooiing van die driedagkursus het die onderwysers, behalwe vaardighede in fasilitering en kennisoordrag, 'n volledige pakket met opleidingsmateriaal ontvang wat hulle in staat kon

stel om 'n HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogram by hulle onderskeie skole aan te bied.

Uit die voorafgaande gegewens is dit duidelik dat die onderwysers noodsaaklike en toepaslike inligting verkry het om die program in die skole te loods. Venter (1999), VIGS-programbestuurder in die Noord-Wes provinsie, sê in 'n onderhoud en verslae dat vraelyste aan skoolhoofde en besoeke aan skole, tesame met verslae vanuit die distrikte, alhoewel dit nie wetenskaplik is nie, daarop gedui het dat die program ten spyte van alle pogings om dit te laat slaag, nie suksesvol in skole geïmplementeer word nie.

1.3 PROBLEEMSTELLING EN DOEL

Dit blyk dat die HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogram wat aan geselekteerde hoër- en middelskoolonderwysers in die Noord-Wes provinsie aangebied is, nie suksesvol in die skole geïmplementeer word nie. Dit lei daartoe dat leerders nie ouderdom- en ontwikkelingstoepaslike inligting ten opsigte van seksualiteit en die voorkoming van die verspreiding van die HI-virus ontvang nie. Hulle leer ook nie vaardighede aan om die verspreiding van die virus te bekamp en om na hulle self en mense wat met die HI-virus leef, om te sien nie.

In die opvoedingsituasie kan daar verskeie probleme voorkom wat moontlik die implementering van die program kan belemmer. Daar sal met hierdie studie gepoog word om te identifiseer wat dit verhoed dat die HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogram, ten spyte van die feit dat dit nasionale onderwysbeleid is, in al die skole in die Brits-distrik in die Noord-Wes provinsie geïmplementeer word.

Die primêre navorsingsvraag kan soos volg geformuleer word:

- Waarom word die HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogram nie suksesvol in die skole in die Brits-distrik geïmplementeer nie?

In die lig van bogenoemde is die volgende sekondêre vrae ter sprake:

- Wat verhoed die onderwysers om te doen waarvoor hulle ten opsigte van die program opgelei is?
- Maak skoolroosters vir hierdie onderrig voorsiening en indien nie, waarom gebeur dit nie?
- Wat is nodig om diè betrokke program na wense te implementeer?

1.4 BEGRIPSVERHELDERING

1.4.1 HIV/VIGS:

HIV verwys na die virus wat veroorsaak dat die funksionering van die menslike immunitestelsel aangetas word. Die afkorting staan dan ook vir “ Human Immunodeficiency Virus”. In die studie gaan na HIV verwys word, eerder as die Afrikaanse MIV (menslike immunitestekort virus) omdat HIV die meer bekende en gebruikte naam vir die virus is.

VIGS staan vir “Verworwe Immuniteitgebrek Sindroom”. Dit is die toestand wat deur die HI-virus veroorsaak word. Die HI-virus (HIV), dring die liggaam se witbloedselle binne en maak dit vir die liggaam onmoontlik om homself teen siektes te beskerm. Dit verswak die liggaam tot so ‘n mate dat andersins geringe infeksies tot die dood kan lei. VIGS is die laaste fase van die siekte wanneer HIV- positiewe mense baie siek raak en sterf (National Education Policy Act, 1996 Notice no. 926 of 1999:4).

1.4.2 SEKSUALITEIT OPVOEDING :

Plug, Meyer, Louw & Gouws (1986:123) stel geslagsopvoeding as:

1. “Onderrig in die fisiologie van voortplanting.
2. Onderrig wat daarop gemik is om die individu te lei in die rigting van gesonde en/of sosiaal aanvaarbare seksuele aanpassing en huweliksverhoudings”.

Hulle stel ook geslagsvoorligting en seksopvoeding as sinonieme vir geslagsopvoeding.

In die opleidingprogram wat in die Noord-Wes provinsie gevolg is, is daar van nog 'n ander sinoniem, naamlik seksualiteitopvoeding, gebruik gemaak. Planned Parenthood Association of South-Africa (PPASA), beskryf seksualiteitopvoeding in die handleiding vir hoërskoolonderwysers as opvoeding rondom seksualiteit. Daar word op die volgende wyse gedefinieer wat die verskil tussen seks en seksualiteit is:

“SEX refers to one’s reproductive system and gender behaviour as male and female. It has to do with our biology and body parts. It is gender (male or female)”.

“SEXUALITY is a person’s sexual nature or characteristics. Our sexuality changes and develops, as we grow older. Sexuality includes how we feel about our body, sexual activities and relationships” (PPASA, 1998:23).

Seksualiteit, soos afgelei uit voorafgaande definisie, is dus baie meer as blote seksuele handelinge. Dit omsluit die begrippe wat dit beteken om 'n man of vrou in verhouding met ander en self in die samelewing te wees. Die omvattende begrip seksualiteit word gevorm deur samelewingswaardes en - norme, voorbeeld van belangrike persone in die leerder se lewe, aangeleerde houdings en geloofsoortuigings. 'n Persoon se seksualiteit hang af van sy eie emosionele ontwikkeling, selfidentiteit, geslagsrolidentiteit en ook sy geslag (PPASA, 1997:22).

1.4.3 LEWENSWAARDIGHEDE :

Lewensvaardighede is alle vaardighede wat benodig word vir 'n suksesvolle en produktiewe lewe. Rooth (1995:2) definieer lewensvaardighede as “the competencies needed for effective living and participation in communities. The greater the range of skills that we possess, the more alternatives and opportunities are available to us - and as a result, there is more potential for meaningful and successful interaction”.

Alle lewensvaardighede is generies en verweefed en moet in alle situasies toegepas kan word, maar daar is sommige vaardighede wat veral relevant is vir die hanteringsmeganismes en die voorkoming van besmetting met HIV/VIGS (Vergelyk 2.3.3).

1.5 NAVORSINGSONTWERP EN –METODE

Hierdie studie is gerig op die verwerwing van insig en begrip aangaande die omstandighede wat verhoed dat die HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogram suksesvol in skole in die Brits-distrik geïmplementeer word en is daarom kwalitatief van aard.

Die navorsingsmetode word kortliks uiteengesit:

Die teikenpopulasie vir die doeleindes van hierdie studie sal opgeleide onderwysers wees:

- wat opleiding in die betrokke program ondergaan het en alle kultuurgroepe in die Brits-distrik verteenwoordig;
- hoofde van die skole waar opgeleide onderwysers is om die betrokke program te implementeer;
- persone aan die stuur van die program op nasionale en provinsiale vlak.

Die keuse van die respondente berus op die uitspraak van Breakwell, Hammond en Fife-Shaw (1998:279) waar hulle dit stel dat die geselekteerdes vir onderhoude so gekies moet word, dat dit die segmente van die samelewingskonteks verteenwoordig wat moontlik die mees betekenisvolle inligting ten opsigte van die studiedoelwit kan verskaf. Hulle noem ook verder dat die samestelling van die groep so moet wees, dat dit sal kan lei tot die grootste moontlikheid om die mees teoreties relevante inligting te verkry. Daar word gevolglik beoog om die inligting wat benodig word uit fokusgroep- en individuele onderhoude te verkry.

1.6 ETIESE ASPEKTE

In hierdie navorsingsprojek word daar met onderwysers en hoofde oor moontlike sensitiewe kwessies gepraat. Dit is dus baie belangrik dat daar eties korrek opgetree word en dat sekere etiese prosedure gevolg word. Die onderhoude sal so gevoer word dat alle betrokkenes van konfidensialiteit gewaarborg word. Wanneer die resultate bekend gemaak word, sal dit generies gedoen word. Die etiese aspekte sal volledig in hoofstuk 3 bespreek word.

1.7 NAVORSINGSVERLOOP

Die verloop van die studie word kortliks soos volg uiteengesit:

- Hoofstuk 1: In hoofstuk 1 is die aanloop tot die probleem, die motivering vir die studie, tersaaklike terminologie en die navorsingsmetodologie kortliks uiteengesit.
- Hoofstuk 2: Hierdie hoofstuk gee 'n literatuuroorsig oor bestaande HIV/VIGS en seksualiteitsprogramme, die norme en waardes betrokke by seksualiteitopvoeding en die bestaande beleidsdokumente rondom HIV/VIGS-opvoeding.
- Hoofstuk 3: Die navorsingsontwerp en – formaat asook die etiese beginsels wat met die studie gevolg word, sal bespreek word.
- Hoofstuk 4: Die navorsingsproses, die bevinding en die verifikasie daarvan sal in hierdie hoofstuk aan die orde kom.
- Hoofstuk 5: Navorsingsbevindings sal bespreek en evalueer word. 'n Opsomming van moontlike tekortkominge, afleidings en aanbevelings sal gegee word.

HOOFSTUK 2

OORSIG VAN LITERATUUR RAKENDE RIGLYNE VIR IMPLEMENTERING VAN HIV/VIGS EN SEKSUALITEITPROGRAMME

2.1 INLEIDING

Curcio, Berlin en First (1996:44) stel dit asof in 'n sprokie dat ouers lank gelede, met groot moeite en dikwels baie ongemak, vir hulle kinders van die “blomme en die bye” vertel het. Moeders het die storie aan hulle dogters met die aanvang van menstruasie vertel en net in die verbygaan genoem dat hierdie ondervinding tot moederskap kan lei. Daar was ook vae waarskuwings om van seuns weg te bly. Vaders het soortgelyke, maar korter gesprekke met hulle seuns gehad. Dié gesprek kan volgens Curcio, *et al.* (1996:45) soos volg opgesom word: “Now don't get anybody in trouble”.

Tans leef ons egter met die harde werklikheid van 'n veranderde wêreld wat eiesoortige eise stel. In die lig van statistiek soos deur die Wêreld Gesondheidsorganisasie voorsien (vergelyk 1.2) is die vraag nie meer of ouers 'n vae gesprek met hulle kinders oor seksuele sake moet hê nie – dit is hoe en wanneer om met 'n omvattende seksualiteitopvoedingprogram te begin.

In hierdie hoofstuk word 'n literatuuroorsig gegee van riglyne rakende HIV/VIGS en seksualiteitopvoedingprogramme, die siening van rolspelers betreffende norme en waardes betrokke by seksualiteitopvoeding en die Suid-Afrikaanse beleidsdokumente rakende die implementering van die HIV/VIGS -program in openbare skole.

2.2 SEKSUALITEITOPVOEDING

Ten einde te begryp wat seksualiteitopvoeding behels, is dit volgens Edwards en Louw (1998:22) nodig om te onderskei tussen seksualiteitopvoeding en seksonderrig (onderrig rakende die seksuele daad) (sex information).

Seksualiteitopvoeding is hoofsaaklik 'n saak van opvoeding. Die kind word gelei tot verantwoordelike volwassenheid waarin norme en waardes 'n belangrike rol speel.

Opvoeding ten opsigte van seksuele gesondheid en persoonsvorming is die primêre doelwitte van seksualiteitopvoeding. Persoonsvorming en verantwoordbare seksualiteit word aangeleer wanneer die opvoeders waardes daar stel wat kinders se begrip aangaande hulle liggame, geslag, seksuele oriëntasie, sosiale rol en gedrag en interaksie met ander, positief ondersteun. Hierdie kennis moet aangevul word deur die inoefening van lewensvaardighede (vergelyk 2.3.3) en die aanleer van houdings wat verskille in individue erken en respekteer.

Seksualiteitopvoeding is 'n proses waar inligting verskaf word en waardes en houdinge rondom identiteit, verhoudinge en intimiteit gevorm word. Seksuele ontwikkeling, reprodktiewe gesondheid, interpersoonlike verhoudinge, emosies, intimiteit, liggaamsbeeld en geslagrolle word omvattend bespreek in seksualiteitopvoeding.

Die Nigeriese taakspan, wat riglyne moes saamstel vir seksualiteitopvoeding vanuit 'n Afrika – perspektief, brei op voorafgenoemde uit deur ook te noem dat seksualiteitopvoeding die aanspreek van die biologiese en geestelike dimensies van seksualiteit vanuit die kognitiewe-, affektiewe- en gedragsdomein moet insluit. Die aanleer van vaardighede soos effektiewe kommunikasie en verantwoordelike besluitneming, is volgens die taakspan 'n gegewe (CEDPA, JHU/PCS, 1993:6).

Die Primêre doelwitte van seksualiteitopvoeding word deur die Nigeriese taakspan soos volg uitgebrei:

- **Inligting**

Die verskaffing van akkurate inligting omtrent menslike seksualiteit wat insluit groei en ontwikkeling, menslike voortplanting, anatomie, fisiologie, masturbasie, gesinslewe, swangerskap, geboorte, ouerskap, seksuele respons, seksuele orientasie, voorbehoedmiddels, seksuele misbruik, HIV/VIGS en ander seksueel oordraagbare siektes.

- **Waardes, houdinge en insigte**

Voorsiening van geleenthede vir individue/leerders om hul eie houdinge rondom die seksuele te bevraag, te ondersoek en te beoordeel ten einde hulle waardes te ontwikkel, hulle selfkonsep te verbeter en om insigte te ontwikkel in menseverhoudinge. Hulle moet ook hulle verpligtinge en verantwoordelikhede rakende ander mense insien.

- **Verhoudinge en interpersoonlike vaardighede**

Die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede wat kommunikasie, besluitneming, selfhandhawing, die uitoefening van keuse asook die moontlikheid om bevredigende verhoudinge te stig, insluit. Seksualiteitopvoedingprogramme moet individue in staat stel om hulle seksualiteit ten volle te verstaan en moet hulle help om die moontlikheid vir ondersteunende, versorgende en wedersyds bevredigende seksuele verhoudinge, te ontwikkel.

- **Verantwoordelikheid**

Verantwoordelikheid ten opsigte van seksuele asook platoniese verhoudinge en hoe om druk te weerstaan om vroegtydig seksueel aktief te raak, moet aangeleer word. Die verantwoordelike gebruik van voorbehoedmiddels en ander seksuele gesondheidmiddels word hierby ingesluit. Seksualiteitopvoeding behoort die sentrale komponent van programme wat ontwerp word om seksueel verwante mediese probleme, tienerswangerskappe, STDs, HIV/VIGS en seksuele misbruik aan te spreek, te wees (CEDPA, JHU/PCS, 1993:7).

Seksonderrig daarteenoor word verskaf bloot ter wille van inligting. Die boodskap van hierdie onderrig is nie opvoedend of vormend nie en word ook nie deur waardes of norme onderlê nie. Volgens Edwards en Van der Merwe (1999:76) is blote seksonderrig gevaarlik en kan dit tot promiskuïteit en permissiwiteit lei omdat dit nie deur waardes en norme ondersteun word nie.

Dit is duidelik dat seksualiteitopvoeding baie meer behels as seksonderrig. Die doel met seksualiteitopvoeding is om leerders te help om 'n positiewe beeld van seksualiteit en hulle eie liggaam te ontwikkel. Met hierdie opvoeding word gepoog om leerders te voorsien van die nodige inligting, hulle te help om hulle eie waardes en norme te verifieer en hulle ook te lei om verantwoordbare en verantwoordelike keuses te kan maak rakende alle sake wat betrekking het op seksualiteit. Seksualiteitopvoeding is 'n lewenslange proses wat reeds by geboorte begin en die onderwyser en skool maak gevolglik 'n natuurlike deel hiervan uit (PPASA, 1998:88).

2.3 HIV/VIGS, SEKSUALITEIT EN LEWENSVAAARDIGHEDEPROGRAMME

2.3.1 OORSIG VAN INTERNASIONALE NAVORSING

2.3.1.1 IMPLEMENTERING VAN SEKSUALITEITOPVOEDINGPROGRAMME

Seksualiteitopvoeding vir kinders en jong volwassenes is een van die mees emosionele en omstrede sake waarmee ouers, onderwysers, beleidmakers en nasionale VIGS-opvoedingprogramsamestellers deesdae te doen kry. Argumente word gevoer oor hoe eksplisiet die onderrigmateriaal moet wees, hoe gereeld dit aangebied moet word en op watter ouderdom seksualiteitopvoeding moet begin. Die vraag word selfs gevra waarom kinders en adolessente enigsins omtrent seks, seksuele gesondheid en seksueel oordraagbare siektes onderrig moet word.

Met ongeveer 50 000 mense wat maandeliks met die HI-virus besmet word, word Suid-Afrika beskou as een van die lande waar die VIGS-pandemie die vinnigste groei. Navorsing deur UNAIDS dui ook aan dat ongeveer 60% van alle nuwe HIV-infeksies in die ouderdomsgroep 15 - 24 jaar plaasvind. Die statistieke (vergelyk 1.2) vertel egter net 'n deel van die storie. Jongmense is veral kwesbaar om geïnfekteer te word met 'n virus wat hoofsaaklik seksueel oorgedra word. Die volgende sake kan moontlik 'n bydrae tot hulle kwesbaarheid lewer:

Adolesensie is 'n tyd wanneer jongmense ontdek, nuwe gevoelens en emosies ervaar en met nuwe gedrag en verhoudinge eksperimenteer (Louw, 1990:409). Seksuele gedrag, 'n belangrike gedeelte hiervan, kan risikos inhou, dieselfde is waar van die eksperimentering met dwelms. Jongmense is blootgestel aan verwarrende boodskappe. Hulle moet die dubbele standarde aanhoor waar dit van dogters verwag word om maagde te wees, maar seuns word aangemoedig om vroeg seksueel aktief te wees. Hulle word gekonfronteer met die media wat seksuele aktiwiteit, rook en alkoholgebruik as sjiek en risiko- vry uitbeeld. Daar word aan hulle gesê om weg te bly van seksuele aktiwiteite maar 'n magdom advertensies gebruik seks as verkoopstaktiek.

Die UNAIDS sê in die inligtingstuk (Listen, Learn, Live! 1999:4) verder dat “compounding the challenge, in the name of morality, culture or religion young people are often denied their right to education about the health risks of sexual and other risk behaviour, and to important tools and services for protection”. Daar word genoem dat jongmense 'n reg het op opvoeding en inligting rakende sake wat hulle gesondheid affekteer. Die vraag is watter impak seksualiteitopvoeding het en of die impak positiewe of negatiewe gevolge gaan hê (UNAIDS, 1998: 8).

Formele seksualiteitopvoeding vir adolessente in ontwikkelde lande het 'n lang, maar dikwels problematiese geskiedenis. Die sukses, of selfs net aanbieding van sulke programme hang hoofsaaklik af van die regering aan bewind, of van die gety van openbare mening (Thomson, 1994; 9:115-26). Hierdie verskillende sieninge rakende die aanbieding van programme word gereflekteer in die inhoud en ideologieë wat die kurrikulum van programme in verskillende lande onderlê.

Kirby (1980:559-563; 1985:28-37; 1992:280-292) en verskeie ander navorsers het faktore nagevors wat bydra tot die effektiwiteit van skoolgebaseerde seksualiteitopvoedingprogramme, maar pogings om bestaande programme te verfyn, is sterk geopponeer. Sommige ouers voel dat dit hulle voorreg is om hierdie inligting aan hulle kinders oor te dra terwyl ander ouers ongemaklik voel en maar te bly is as daar formele seksualiteitopvoeding is (Thomson, 1994; 9:115-126).

Die aanbieding van seksualiteitopvoeding in skole was nie deel van die onderwyser se taak in die skole in Suid-Afrika nie. Baie onderwysers voel dat dit nie hulle verantwoordelikheid is nie, maar diè van die ouers. Verder kan onderwysers seksualiteitopvoeding vermy juis omdat dit so 'n sensitiewe onderwerp is en hulle nie regtig oor die moed of opleiding beskik om dit aan te bied nie. Hulle mag redeneer dat praatjies oor seks by die skool ouers sal ontstel, veroorsaak dat kinders vroeër seksueel aktief raak, of tienerswangerskappe sal vermeerder (Edwards en Van der Merwe 1999:26; Baron en Byrne, 1984:572).

In die UNAIDS World AIDS Campaign briefing paper (1998:8) word genoem dat: “A WHO review of programmes around the world, recently updated by UNAIDS, found that sex education does not lead to earlier or increased sexual activity, contrary to what many parents feared. The review concluded that good quality educational programmes help delay first intercourse and protect sexually-active young people from HIV, STDs and pregnancy”.

Ander rolspelers in die opvoeding van kinders huldig ook uiteenlopende menings. Daar word selfs genoem dat die huidige VIGS-pandemie dit noodsaak dat die staat die regte van die individu ondergeskik stel aan die belang van die gemeenskap en dus verplig is om programme afdwingbaar te maak (First, 1992: 76-83).

Curcio, *et al.* (1996:47) wys daarop dat 'n toenemende aantal navorsingbevindinge daarop dui dat deur leerders net die biologiese feite te gee, die verkeerde boodskap oorgedra word. Leerders moet ook ingelig word omtrent verhoudinge en algemene lewensvaardighede, soos om besluite te neem, aanleer. Ander navorsers, byvoorbeeld Stevenson (1994:112), stel dit dat daar 3 elemente in enige VIGS -opleidingprogram teenwoordig moet wees:

- Inligting en onderrig;
- Gesondheids- en maatskaplikedienste;
- Ondersteunende sosiale omgewing.

In Suid-Afrika is die konstante groei in die getalle van die aantal HIV- positiewe mense met talle inisiatiewe en ingrepe deur veral die nie-regeringsorganisasies en die departement van gesondheid aangespreek. Baie van hierdie programme was egter sporadies en het gekonsentreer op die verspreiding van inligting rakende HIV/VIGS, eerder as om dit binne die konteks van lewensvaardighede en seksualiteitopvoedingprogramme te plaas.

2.3.1.2 WAARDES, NORME EN RELIGIEUSITEIT

Waardes, eenvoudig gedefinieer, is houdinge of gesindhede waardeur 'n persoon of 'n groep se voorkeure en gedrag gerig word. McCammon, Knox en Schacht (1998:315) stel dit dat daar sewe kriteria is waaraan waardes behoort te voldoen. Volgens hulle moet 'n waarde vrylik gekies word uit verskillende alternatiewe nadat die gevolge van elke aksie deeglik oorweeg is. 'n Waarde word hoog geag en is dikwels bevestigend ("affirming"). Wanneer keuses ten opsigte van gedrag gemaak word, word die besluit gerig deur die persoon se eie waardesisteem. Gedrag word meestal beïnvloed deur waardes en is as gevolg hiervan taamlik konsekwent, selfs in verskillende situasies.

McCammon, *et al.* (1998:315) stel dit dat waardes altyd handeling tot gevolg het, maar dat hierdie handeling of gedrag nie altyd strook met die waarde wat ondersteun word nie. Die diskrepans tussen houding en gedrag word geïllustreer deur navorsings wat toon dat alhoewel ouers sê dat hulle glo dat oop en eerlike kommunikasie omtrent seksualiteit met kinders belangrik is, dit in baie min gevalle plaasvind (Van Rooyen, 1997:2).

Volgens Edwards en Van der Merwe (1999:82) is onderwys sonder die oordrag van waardes nie opvoeding nie. Seksualiteitopvoeding kan daarom nie neutraal, of sonder waardeoordrag geskied nie. Hulle stel dit dat adolessente in 'n periode van verandering is. Hulle is onder andere verward omtrent hulle waardes betreffende seksualiteit omdat hulle bombardeer word met soveel teenstrydige boodskappe, byvoorbeeld hulle ouers en die kerk staan voorhuwelikse seks teen, terwyl hulle vriende en die media dit propageer. Adolessente moet ondersteun word om hulle eie waardes te vorm. Hulle moet uitvind waar hulle waardes en norme ten opsigte van seksualiteit vandaan kom en dan onderskei tussen hierdie waardes en die

onmiddellike bevrediging van hulle emosionele behoeftes. Leerders moet gehelp word om 'n stel waardes te ontwikkel waarmee hulle gemaklik voel en hulle eie beste belang, maar ook die belange van ander in ag neem.

Tans is daar volgens Louw, Vergani en Frank (1998:23) drie breë sieninge rondom die onderrig van waardes in seksualiteitopvoeding:

- Mense wat glo dat seksualiteitopvoeding waarde-vry moet wees. Die feite word op 'n neutrale, onbevooroordeelde manier gestel en daar word geen standpunt ingeneem nie;
- Mense wat by 'n streng veroordelende en moralistiese inslag hou. Leerders word nie toegelaat om te sê wat hulle dink, of hulle eie opinie te vorm nie;
- Mense wat glo dat onderwysers waardes moet onderrig.

Kinders word nie gebore met die kennis om tussen reg en verkeerd te onderskei nie en moet dus gelei word om te weet wat reg en verkeerd is. Die onderwyser moet nie sy waardes op die leerder afdwing nie, maar behoort leerders te lei en te ondersteun om hulle eie waardes te vorm. Die doel van die onderwyser, alhoewel hy in die plek van die ouer in die klas staan, behoort egter nooit te wees om die plek van die ouers of die gemeenskap in te neem nie. Omdat skole multikulturele-gemeenskappe bedien, behoort leerders eerder gehelp te word om die boodskappe, waardes en houdinge wat hulle vanuit die gemeenskap, kultuur en ouerhuis gebring het, te interpreteer.

Edwards en Van der Merwe (1999:28) eggo McDowell (1991:82) se siening dat seksualiteitopvoeding nie waarde-vry of moreel neutraal kan wees nie. Die vraag wat volgens McDowell beantwoord moet word is nie of waarde en norme oorgedra moet word nie, maar watter waarde en norme oorgedra word.

Volgens Edwards en Van der Merwe (1999:28) is daar sekere kern of algemene waardes wat as belangrik vir die oorlewing van mense en samelewings beskou word. Rakeach (1973: 359) en Johnson (1996:12) verwys ook na hierdie waardes as waardes vir oorlewing, die natuurlike

wette en hulle noem dat dit inherent is aan die Christelike-, Muslim, Joodse, Afrika-tradisie en ander gelowe. Dit is hierdie waardes wat die program promoveer:

- getrouheid
- verantwoordelikheid
- eerlikheid
- non- diskriminasie
- privaatheid
- respek vir self en ander
- selfbeheersing
- sensitiwiteit
- vergewingsgesindheid
- vriendelikheid
- verantwoordbaarheid
- lojaliteit
- gesondheid en higiëne
- simpatie
- respek vir lewe
- selfdissipline
- omgee vir self en ander
- sorgsaamheid

Die konsep “waardes en norme” is nie net van toepassing op die program nie, maar ook op die onderwyser wat dit aanbied. Onderwysers moet bewus wees van hulle eie waardes en norme voordat hulle met seksualiteitsopvoeding begin, sodat hulle dit nie bewustelik of onbewustelik op leerders afdwing nie. Leerders moet gelei word om self keuses te maak binne die riglyne wat ‘n menslike bestaan moontlik maak. Sodra kinders self verantwoordelike en verantwoordbare keuses kan maak, kan gesê word dat hulle selfdissipline aan die dag kan lê en op pad na volwassenheid is (Ferreira, 1992: 96). Hierdie “eie keuse” moet egter onder die wakende oog van die opvoeder gedoen word. Die leerder moet aangemoedig word om self keuses te maak wat ouderdomtoepaslik is, maar moet bewus gemaak word van die feit dat hy verantwoordelikheid vir sy keuses moet aanvaar (Van Rooyen, 1997:32).

Kirby, Short, Collins, Rugg, Kolbe & Howard (1994:93) noem dat “education in sexuality is a shared responsibility, that sexual-values education begins at least at birth and does not end until death, and that the value of sexuality education is determined by its capacity to be celebrational, hospitable, meaningful, and life-enhancing”. Wanneer die waardes wat onderrig word aan bogenoemde vereistes

voldoen en die voorskrifte van die Suid-Afrikaanse menseregte in ag neem word, mag en sal dië waardes nie enige kultuur, persoon of geloof aanstoot gee nie.

Sommige ouers het godsdienstige besware teen seksualiteitopvoeding in skole. Waar ouers deur die juridiese sisteem in onder andere Amerika beswaar gemaak het teen seksualiteitopvoeding as die skending van hulle reg op vryheid van godsdien en spraak, het die houe bevind dat dit nie 'n skending van individuele regte is nie, maar juis in die belang van openbare gesondheid is dat dit aangebied word (First, 1992: 76-83).

Vanuit die Amerikaanse perspektief noem McNary- Keith (1995:77) dat ouers weer eens op grond van morele en godsdienstige oortuigings glo dat hulle die reg het om hulle kinders op te voed soos hulle wil. Hulle dring aan op hulle reg om die verspreiding van inligting en materiaal rakende seksualiteitopvoeding te kontroleer omdat hulle bang is die boodskap dat seksuele aktiwiteit toelaatbaar is solank dit veilig is, oorgedra word. Hulle noem ook dat HIV/VIGS -opvoeding nie nodig is nie omdat tieners (en veral hulle kinders) nie seksueel aktief is nie. Hierdie argument dra volgens HIV/VIGS -opvoeding aktiviste nie water nie omdat dit eerstens die realiteit van tienerseksualiteit ontken en tweedens omdat tieners, wanneer hulle ouer word en dan wel seksueel aktief raak, hierdie inligting nodig sal hê.

In Suid-Afrikaanse konteks word dit benadruk dat indien ouers nie wil hê dat hulle kinders die program moet bywoon nie, hulle skriftelik beswaar moet aanteken. Dit word as implisiete toestemming beskou indien ouers nie skriftelik beswaar maak nie (Van Rooyen en Louw, 1994:12).

Saayman en Kriel (1991:54) noem dit dat as gevolg van die feit dat VIGS 'n seksueel oordraagbare siekte is, dit noodsaaklik is dat opvoedingprogramme onderwerpe soos seks en seksualiteit moet aanspreek. Hulle stel ook: "If the Christian church were to

limit itself merely to preaching closed sexual relations it would be guilty of gross hypocrisy, and would deserve to be ignored”.

Sieninge van verskillende godsdienste, byvoorbeeld Christene en Buddiste, is dit egter eens dat die moderne HIV/VIGS-krisis beide ‘n uitdaging en ‘n geleentheid is, en nie net ‘n probleem nie. Dit is nie ‘n geleentheid om ander te blameer nie, maar eerder ‘n kans wat ons gegun word om ons eie waardes en norme te laat groei en ontwikkel – dit is ‘n uitdaging om na mekaar om te sien, die sterwendes te ondersteun en die gawe van lewe te waardeer (Southern Africa Catholic Bishops Conference, 1990).

McCormic, J (1999) sê in ‘n persoonlike onderhoud: “The church’s official position is to promote chastity (here understood as exercising self-control and a healthy lifestyle) in sexuality and, prior to marriage, abstinence”. Hy gaan voort en sê ook dat die VIGS-beleid vir Katolieke skole ten doel het om ouers of versorgers, beheerliggame van skole, onderwysers en leerders bewus te maak van hulle verantwoordelikhede in terme van die grondwet, toepaslike wetgewing, die waardes van die Katolieke kerk en die etos van die Katolieke skool. Onder andere benadruk dit die bevordering menswaardigheid en die praktyk van medelye, gebaseer op die voorbeeld van Jesus.

Verdere besware teen seksualiteitopvoeding vanuit ‘n godsdienstige perspektief word aangespreek deur die verslag van die ministeriële komitee vir religieuse opvoeding wat in Januarie 1999 vrygestel is. Daarin word genoem dat religieuse opvoeding ook, soos seksualiteitopvoeding, binne die leerarea “Lewensoriëntering” (LO) val. Dieselfde beginsels word dus aangehang, naamlik die ontwikkeling van relevante kennis, vaardighede, waardes en houdinge.

Ten spyte van al die besware staan dit egter soos ‘n paal bo water dat opvoeding, totdat ‘n geneesmiddel vir HIV/VIGS uitgevind is, nie net reaktief mag wees nie. Opvoeding om besmetting met die HI-virus te voorkom, moet binne die breë raamwerk van seksualiteit en lewensvaardighedeprogramme aangebied word om verantwoordbaar te wees. Dit is duidelik dat die mees praktiese metode om die invloed van die VIGS-pandemie teen te werk, opvoeding omtrent hoe die virus

versprei word en hoe die verspreiding bekamp kan word, is. Soos met die meeste krisisse kan slegs opvoeding vrese en onkunde uit die wegruim deur praktiese, korrekte inligting en moontlike oplossings te bied (McNary-Keith, 1995:80).

2.3.2 STRUKTURE EN KOÖRDINERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE HIV/VIGS, SEKSUALITEIT EN LEWENVAARDIGHEDEPROGRAM

Teen hierdie agtergrond is daar in Suid-Afrika, toe 'n seksualiteit en VIGS-program in skole geïnisieer is, besluit om ook te fokus op die ontwikkeling van vaardighede, die daarstelling van positiewe houdings en waardes en die beskikbaarheid van ondersteuningstelsels as motivering vir gedragsverandering. Daar is 'n intersektorale werkgroep gevorm wat uiteindelik uitgeloop het op die stigting van die "National Consultative Forum on Life Skills and HIV/AIDS Education" op 29 November 1995. Omdat elke land unieke behoeftes het, het hierdie forum ten doel gehad om die minimum vereistes wat aan 'n Suid-Afrikaanse program gestel word, neer te lê. Daar is volgens notules aanbeveel dat:

- Bogenoemde struktuur so gou as moontlik in al nege provinsies gedupliseer moes word;
- 'n Balans gevind en onderhou moes word tussen die volg van 'n wetenskaplike benadering tot die proses en die dringendheid waarmee die proses aangespreek moet word; en
- die projek in samewerking met alle gemeenskaps-, nie- regering- en regeringsorganisasies moet plaasvind.

Hierdie aanbevelings is goedgekeur deur HEDCOM (Heads of Education Departments Committee) en die departement van gesondheid. 'n Projekplan is ontwikkel met die doel om:

- Onderzoek in te stel na maniere om lewensvaardighede en HIV/VIGS-opvoeding by die skoolkurrikulum te inkorporeer sodat leerders:
 - die nodige inligting rakende HIV/VIGS ontvang;
 - relevante, basiese lewensvaardighede begryp, aanleer en inoefen;
 - verantwoordelike en verantwoordbare gedrag en leefstyle ontwikkel;
- 'n Kontekstuele verantwoordbare program te beplan en strategies te implementeer;
- Die ondersteuning, betrokkenheid en totale verbintenis van alle rolspelers in die implementering van die HIV/VIGS en lewensvaardighedeprogram in die skole te verseker;
- In samewerking met ander relevante rolspelers twee onderwysers per skool op te lei en seker te maak dat die opgeleide onderwysers gemotiveerd is om die program aan te bied;
- Bydrae, in lyn met die rekonstruksie en ontwikkelingsprogram van die regering, tot menslike hulpbronontwikkeling te maak.

Gedurende Maart 1996 is 'n formele Nasionale Projekkomitee, bestaande uit nasionale en provinsiale verteenwoordigers van die departemente gesondheid en onderwys, professionele onderwysersverenigings, studente en jeugbewegings, verteenwoordigers van tersiêre instellings en onderwyseropleidingkolleges; asook nasionale nie- regeringorganisasies betrokke by HIV en lewensvaardighede, gekonstitueer.

HEDCOM se taakopdrag aan die Nasionale Projekkomitee was om:

- Die projek vir lewensvaardighede en HIV/VIGS-opvoeding binne die skoolkurrikulum te bestuur en om as verwysingsgroep vir die nasionale taakspan te dien;

- Riglyne te ontwikkel vir die implementering van die projek en spesifiek aandag te gee aan aspekte soos:
 - opleiding van onderwysers/opvoeders;
 - ontwikkeling en voorsiening van onderwys hulpmiddels;
 - bestaande provinsiale opvoedingsprogramme te koördineer, ondersteun en uit te brei;
 - stel van tydraamwerke;
 - ontwikkeling van 'n kernkurrikulum;
 - ontwikkeling van riglyne vir die monitering en evaluering van die projek;
- Voorstelle ten opsigte van die ontwikkeling van beleid te formuleer en in te dien;
- Op provinsiale en nasionale vlak steun vir die projek te werf en as mondstuk vir die projek op te tree.

In 'n onderhoud met Dr. K. Swart (1999) (Konsultant: Lewensvaardighede en HIV/VIGS opvoeding), noem sy dat dit noodsaaklik was dat die ingrepe nie 'n eenmalige gebeurtenis soos in ander lande sou wees nie. Om die impak van die program te vergroot, het die spesiaal aangestelde taakspan riglyne ten opsigte van die implementering en 'n leerprogram vir skole saamgestel. Hierdie riglyne en voorgestelde program word vervolgens bespreek.

2.3.3 KURRIKULUM VIR 'N HIV/VIGS, SEKSUALITEIT EN LEWENVAARDIGHEDEPROGRAM

Lewensvaardighede, seksualiteit en HIV/VIGS is van die temas wat deur die tussentydse kurrikulum vir voorligting, wat deur alle skole gevolg moet word, aangespreek word. Navorsingsbevindinge betreffende effektiewe HIV/VIGS-onderwysprogramme, tesame met die nuwe opvoedkundige benadering soos vervat in Kurrikulum 2005, het dit egter genoodsaak dat 'n spesiale program saamgestel moes word om aan die behoeftes van middel- en hoërskoolleerders te voldoen. Hierdie spesiale program was gerig op die verskaffing van inligting, ontwikkeling van lewensvaardighede en die bevordering van positiewe en verantwoordelike houdings.

Daar is ook ondersteuning verskaf ter motivering vir die instandhouding van die program.

Inligting wat leerders sal help om te besluit wat gesonde en verantwoordelike gedrag is, is onder andere:

- Maniere waarop HIV en seksueel oordraagbare siektes (STDs) oorgedra en nie oorgedra word nie;
- Die lang a- simptomatiiese periode van HIV;
- Persoonlike kwesbaarheid ten opsigte van HIV en STDs;
- Metodes vir beskerming teen HIV en STD infeksie;
- Bronne waar hulp beskikbaar is, indien nodig;
- Metodes om na gesinslede wat met HIV/VIGS lewe, om te sien (Makgomme, et al. 1998:24).

Inligting afkomstig uit notules en die projekverslag (Makgomme, et al. 1998:17) dui daarop dat vaardighede wat spesifiek relevant is tot HIV/VIGS-voorkoming en die hantering daarvan die volgende is:

- Bewus wees van die self;
- Besluitneming;
- Selfhandhawing om groepdruk te weerstaan;
- Onderhandelingsvaardighede om onthouding of veiliger seks te verseker;
- Hantering van verlies.

Daar moet gelet word op die feit dat hierdie vaardighede generies is en dus in verskillende kontekste toegepas kan word.

Houdings wat aangekweek moet word, sluit 'n positiewe gesindheid ten opsigte van die uitstel van eerste seksuele ervarings, persoonlike verantwoordelikheid in besluitneming en die aanspreek van vooroordele in. Leerders moet bewus gemaak

word van die implikasies van meervoudige seksuele verhoudinge en die gebruik van veiliger seksuele praktyke as beskermingsmetode. Die invloed van geweld en substansmisbruik op hulle gesondheid moet onder hulle aandag gebring word.

‘n Gesonde en positiewe lewenswyse moet aangeleer word ongeag die HIV- status. Leerders moet leer om verdraagsaam en ondersteunend te wees en medelye te toon aan persone wat met HIV/VIGS lewe. Respek vir die regte van alle mense, ook die wat HIV- positief is, moet gekweek word.

Selvs goed ingeligte persone het motivering nodig om voorkomende maatreëls te inisieer en te onderhou. ‘n Realistiese persepsie ten opsigte van die leerder se eie blootstelling en die voordele van die aanleer van voorkomende gedrag dien as sterk motiveerders. In die projekverslag noem Makgome, *et al.* (1998:20) ook “peer reinforcement and support for healthy actions is crucial, as peer norms are powerful motivators of behaviour.”

Die leerprogram benadruk die feit dat ‘n holistiese benadering gevolg moet word wanneer HIV/VIGS aangespreek word. Dit word sterk aanbeveel dat die program op deelname en leerdergesentreerdheid gebaseer moet wees.

Die leerprogram is ontwerp om ‘n onlosmaaklike deel van Kurrikulum 2005 te vorm en dit moet oor die volgende paar jaar in graad 8 – 12 ingefaseer word. Dit kan ook, as ‘n noodmaatreël, in enige van die grade 8 –12 aangebied word. Die Joint United Nations AIDS Programme (UNAIDS) het na baie konsultasie ‘n dokument “Characteristics of an effective Curriculum” saamgestel. Ander navorsers, soos byvoorbeeld Curcio, *et al.* (1994:46), noem ook dat die kurrikulum op effektiewe onderwysstrategieë wat die leerstof met die belange, behoeftes en ondervindinge van die leerders verbind sodat hulle persoonlike betekenis kan heg aan dit wat hulle leer, gebaseer moet wees. Dit is vanuit hiërdie perspektief en op die basis dat persoonlike groei en aanleer van lewensvaardighede die kern moet vorm van die kurrikulum, dat elke provinsie sy eie program, gebaseer op die spesifieke behoeftes in die provinsie, saamgestel het.

2.3.4 IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM IN DIE NOORD-WES PROVINSIE

In die Noord-Wes provinsie het die provinsiale komitee alle rolspelers betrokke by HIV/VIGS-opleiding genooi om betrokke te wees by die opleiding van 'n groep meester-opleiers. Die opleiding is uiteindelik deur die volgende persone en organisasies behartig: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys; Planned Parenthood Association of South Africa (PPASA); H. Cory (Departement van Onderwys); C. Greyling (Old Mutual); Life Line en Hospice.

Die meester-opleiers was hoofsaaklik werknemers van die departemente van onderwys en gesondheid, dosente verbonde aan Onderwyskolleges en Universiteite en verteenwoordigers van die nie- regeringsorganisasies. Die opleiding het vyf dae geduur. Na die opleiding is daar van die opleiers verwag om twee onderwysers per hoër- en middelskool in die twaalf onderwysdistrikte van die provinsie op te lei. Opleidingspanne, bestaande uit twee of drie meester-opleiers, het hierdie opleiding aan groepe onderwysers in die verskillende distrikte gebied. 'n Gelykvormige opleidingsprogram is gevolg en 'n totaal van 1230 onderwysers is opgelei (Venter, 1999).

Soos reeds genoem, is die onderrig van seksualiteit 'n kontroversiële saak en skoolhoofde is voor die onderwysersopleiding van moontlike probleme bewus gemaak. Hulle is ook versoek om met inagneming van die feit dat HIV/VIGS – opvoeding seksualiteitopvoeding insluit, twee onderwysers per skool te selekteer wat gemaklik met die onderwerp is en wat leerders se vrae professioneel sal kan beantwoord. Ander voorgestelde kriteria was dat dië betrokke onderwysers:

- Respekteer moet word deur die leerders;
- Verkieslik getroud moet wees;
- 'n Gesonde leefstyl projekteer;

- Ferm, dog ontspanne moet wees;
- Dissipline kan handhaaf;
- Positiewe houding en gedrag openbaar;
- Die waardigheid van mense respekteer;
- Deur leerders vertrou word;
- 'n Klimaat kan skep vir bespreking van sensitiewe sake;
- Ouers kan begelei;
- Empatie met ander het;
- Bereid moet wees om te help;
- Kennis van sosiale verandering het;
- Bereid moet wees om verdere opleiding te ondergaan. (Venter, 1999; Makgomme, et al. 1998:24).

Die seleksie van onderwysers is as baie belangrik geag omdat die persoon wat seksualiteitopvoeding aanbied net so belangrik is as die seleksie en ontwikkeling van die kurrikulum. Curcio, et al. (1996:49) stel dat: “the teacher who relates well to students will be the teacher who effectively communicates the curriculum to them”.

Een van die voorstelle aan die skoolhoofde in verband met die implementering van die program was dat inligtingsessies met ouers en rolspelers in die gemeenskap gehou word voordat die program geïmplementeer word. Gedurende hierdie inligtingsessies is dit noodsaaklik dat die program, sowel as die ouers se moontlike besorgdhede aangespreek word. Navorsing soos deur Makgomme, et al. (1998:22) aangehaal, dui daarop dat een van die grootste redes tot kommer by ouers die onderrig van waardes en norme is (Vergelyk 2.3.1.2).

Die tussentydse kurrikulum vir lewensoriëntering vereis dat daar ten minste twee periodes per klas per week aan lewensvaardighede spandeer moet word. Die HIV/VIGS-opvoeding sal binne die konteks van lewensvaardighede aangebied word. Hierdie interim reëling geld tot en met die implementering van Kurrikulum 2005

waarna dit 'n verpligte deel van die leerarea LO word. Die vereistes vir implementering word volledig onder 2.4 bespreek.

2.4 NASIONALE ONDERWYSBELEID VIR LEERDERS EN OPVOEDERS IN OPENBARE SKOLE

In die inleiding tot die HIV/VIGS-beleid vir skole stel die minister van onderwys, K. Asmal, dat HIV/VIGS een van die grootste uitdagings is waarmee die Suid-Afrikaanse bevolking tans te doen kry.

Hy stel dit ook dat “because the Ministry of Education acknowledges the seriousness of the HIV/AIDS epidemic, and international and local evidence suggests that there is a great deal that can be done to influence the course of the epidemic, the ministry is committed to minimise the social, economic and developmental consequences of HIV/AIDS to the education system, all learners, students and educators, and to provide leadership to implement an HIV/AIDS policy” (National Education Policy Act, Notice no 926 of 1999:2).

Daar word ook in die inleiding tot die beleid genoem dat onderwysers seksualiteitopvoeding, moraliteit- en lewensvaardighedeopvoeding moet aanbied en dat ouers aangemoedig moet word om hulle kinders te voorsien van gesonde morele standaarde en seksualiteitopvoeding.

Volgens beleid is die doel van opvoeding rakende HIV/VIGS die voorkoming van die verspreiding van die virus, beswering van onnodige vrese, vermindering van die stigma en die bevordering van houdings van nie-diskriminasie.

Rakende die implementering van 'n HIV/VIGS-program in skole, word die volgende deur wetgewing vereis:

- Die program moet in alle skole aan leerders, onderwysers en ander personeel op 'n voortdurende basis gebied word;
- Ouderdom-toepaslike inligting omtrent HIV/VIGS moet in die lewensvaardighede-program asook geïntegreerd in die kurrikulum van alle grade geïnkorporeer word. Dit sluit in die verskaffing van inligting en die ontwikkeling van lewensvaardighede om besmetting met die HI-virus te voorkom, basiese noodhulp en inligting wat die rol van dwelms, seksuele misbruik en mishandeling op die verspreiding van die HI-virus aandui;
- Leerders moet aangemoedig word om van bestaande gesondheidsorgdienste gebruik te maak. Dit sluit dienste vir reprodktiewe gesondheid, berading en ondersteuning in;
- Leerders moet onderrig word om met mense wat met die HI-virus leef om te gaan;
- 'n Omgewing en kultuur van nie-diskriminasie ten opsigte van persone wat met HIV leef, moet gekweek word;
- Inligting moet verskaf word ten opsigte van voorkomingsmiddels en – metodes – dit sluit onthouding én die gebruik van kondome in;
- Opvoeding en inligting betreffende HIV/VIGS moet op 'n akkurate en wetenskaplik korrekte manier aangebied word. Die taal en terme wat gebruik word, moet verstaanbaar wees;
- Ouers moet ingelig word omtrent die HIV/VIGS-opvoeding wat by die skool aangebied word. Die leerstof, asook aanbiedingmetodes en die waardes wat oorgedra word, moet verduidelik word. Ouers moet bewus gemaak word van hulle rol as seksualiteitopvoeders;
- Daar moet genoeg onderwysers voorsien word om hierdie opleiding te bied;
- Opgeleide onderwysers moet verdere opleiding ondergaan en ondersteun word deur ondersteuningspersoneel in die provinsie (National Education Policy Act, 1996 Notice 926 of 1999:7-10).

In die beleid word dit genoem dat die hoof van elke skool verantwoordelik is vir die implementering van 'n HIV/VIGS – beleid by die skool. Dit word aanbeveel dat die bestuursliggaam by elke skool die hoof ondersteun en ook seker maak dat die skool middele het om aan die universele voorkomingsmaatreëls te voldoen. Die streng nakoming van universele voorkomingsmaatreëls word benadruk omdat die staat verantwoordelik gehou kan word vir enige gebeurtenis by 'n openbare skool (National Education Policy Act, 1996 Notice no 926 of 1999:26).

Daar word verder voorgestel dat elke provinsie en skool sy eie operasionele beleid binne die raamwerk van die nasionale onderwysbeleid ten opsigte van HIV/VIGS opstel. Indien dit nie gedoen word nie, sal die nasionale onderwysbeleid geld.

Die Adjunk Direkteur-Generaal van onderwys en hoofde van provinsiale onderwysdepartemente is egter uiteindelik verantwoordelik vir die implementering van hierdie beleid. Elke onderwysdepartement moet 'n HIV/VIGS-programbestuurder en werkgroep aanwys om die beleid aan alle personeel oor te dra, die program te implementeer, te monitor en te evalueer. Bestuur moet adviseer word rakende die implementering en vooruitgang en 'n ondersteunende omgewing van nie – diskriminasie moet geskep word (National Education Policy Act, 1996 Notice no. 926 of 1999:25).

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is seksualiteitopvoeding gedefinieer. Daar is 'n oorsig gegee van wêreldwye navorsing rakende seksualiteitopvoeding en strukture en die koördinerings van die Suid- Afrikaanse-program is bespreek. Kurrikulering en implementering van die program in die Noord-Wes provinsie is omskryf. Daar is gekyk na die waardes en norme wat binne 'n seksualiteitopvoedingprogram aangespreek behoort te word. Ten slotte is die nasionale onderwysbeleid ten opsigte van die implementering van 'n HIV/VIGS program in openbare skole en inrigtings vir verdere opvoeding en opleiding, bespreek.

HOOFSTUK 3

NAVORSINGSONTWERP EN –METODES

3.1 INLEIDING

‘n Studie van die bestaande literatuur is in hoofstuk twee gemaak en sodoende is ‘n agtergrond gevorm van die belangrikste aspekte rakende HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighede-opvoedingprogramme.


Hierdie hoofstuk fokus op die navorsingsontwerp wat vir hierdie spesifieke studie gekies is en ‘n oorsig van die formaat en prosssessering van inligting word gegee. Die navorsingsontwerp, data-insamelingmetodes en dataverwerking word beskryf. Etiese aspekte, asook betroubaarheid en geldigheid van die studie word kortliks aangespreek.

3.1.1 NAVORSINGSKONTEKS

Wanneer navorsing gedoen word, is daar volgens Mouton (1996:36) gewoonlik twee moontlike redes wat as motivering dien. Die navorsing kan òf kontraknavorsing wees wat gewoonlik probleemgerig is, òf selfgeïnsieerde navorsing wat uitgevoer word om ‘n domein te verken, teorie te toets, of hipoteses te genereer.

Die beweegrede vir hierdie studie was hoofsaaklik selfgeïnsieerd. Provinsiale statistiek soos verskaf deur die Noord-Wes departement van gesondheid bevestig die feit dat die HI-virus ook in Noord-Wes die meeste aangetref word in die ouderdomsgroep onder 24 jaar, dus die jeug.

1998 HIV VOORKOMS PER OUDERDOM IN NOORD-WES
PROVINSIE



In die Noord-Wes provinsie was die persentasie toename in HIV vanaf 1997 tot 1998 17,7%. In die Brits-distrik was die toename 33,1%. Dit kan dus nie wegedeneer word dat dit dringend noodsaaklik is dat daadwerklike stappe geneem moet word om leerders bewus te maak van hulle kwesbaarheid ten opsigte van infektering met die HI-virus nie. Hulle moet ook binne die konteks van ouderdomtoepaslike-seksualiteitopvoeding, lewensvaardighede aanleer en inoefen sodat hulle ingeligte besluite kan neem en verantwoordelike keuses kan maak.

Diè navorser was bloot verwonderd oor die feit dat ten spyte van al die inligting wat die onderwysers ontvang het, die vereistes wat volgens die nasionale onderwysbeleid gestel word en die geld en tyd wat aan opleiding spandeer is, dit blyk dat HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogramme nie in al die skole in die Brits-distrik geïmplementeer word nie.

3.2 DIE NAVORSINGSONTWERP

Navorsingsontwerp is die bloudruk of uiteensetting van die navorsingsprojek. Die doel van 'n navorsingsontwerp is dan ook om die navorsingsprojek só te beplan en te struktureer dat geldige navorsingsbevindinge genereer kan word. Deur redelike navorsingsbesluite te neem kan die valshede, foute en ongeldigheede wat in navorsing insluip, so ver as moontlik uitgeskakel word. Daardeur kan die uiteindelijke geldigheid van dië bevindinge verhoog word (Mouton en Marais, 1990:33).

Hierdie navorsingsbesluite sluit die doel van die navorsing, die keuse van 'n spesifieke metode wat gevolg gaan word, die deelnemers en die geldigheid en betroubaarheid van die navorsing in.

3.2.1 PROBLEEM EN DOEL

Navorsing omtrent die implementering van HIV/VIGS, seksualiteit en lewensvaardighedeprogramme (verwys na as “die program”) in Suid-Afrika is 'n onontginde terrein omdat hierdie programme nog nie lank in Suid-Afrikaanse skole aangebied word nie.

Met hierdie navorsing poog die navorser om te verken en te beskryf watter probleme daar bestaan wat verhoed dat die program suksesvol in skole in die Brits-distrik geïmplementeer word en dan riglyne daar te stel wat as vertrekpunt vir suksesvolle implementering kan dien.

3.2.2 KWALITATIEWE ONTWERP

Hierdie is 'n verkennende, beskrywende, kontekstuele en kwalitatiewe studie wat daarop gerig is om insig in die probleme wat verhinder dat die program suksesvol geïmplementeer word, te verkry (Merriam, 1988:3).

- **Verkennend**

Die studie is verkennend met die oogmerk om nuwe insigte oor die domeinverskynsel, die probleme wat suksesvolle implementering verhinder, in te win. In kwalitatiewe navorsing “we strive to be open to the reality of others” (Krueger, 1998(a): 3) en moet die navorser bereid wees om die wêreld op verskillende maniere te sien. Om diè rede is die navorser gewillig om nuwe idees en suggesties te ondersoek en nie toe te laat dat enige vooropgestelde idees en hipoteses die navorsing rig nie (Mouton en Marais, 1990:45).

- **Beskrywend**

Kwalitatiewe navorsing gee ‘n ryk, gedetailleerde beskrywing van ‘n verskynsel (Vockell en Asher, 1995:196; Dyer, 1995:52). Diè studie poog om akkurate inligting rakende die implementering van die program in die Brits-distrik in te samel om sodoende ‘n noukeurige beskrywing, sowel as riglyne vir die suksesvolle implementering van die betrokke program daar te stel (Mouton en Marais, 1990:46/47).

- **Kontekstueel**

Kwalitatiewe navorsing vind plaas binne natuurlike omstandighede en lewer daarom geldige bevindinge rondom die verskynsel wat bestudeer word. Die navorser is in staat om die deelnemers se menings en gevoelens in die situasie aan te hoor. Die unieke konteks van hierdie studie is die implementering van die program in verteenwoordigende skole in die Brits-distrik (Mouton en Marais, 1990:52). Die bevindinge en riglyne word geïnterpreteer binne ‘n opvoedkundige perspektief, wat die studie verder kontekstueel gebonde maak.

- **Kwalitatief**

Vockell en Asher (1995:192) noem dat kwalitatiewe navorsing erken dat dit subjektief is, maar dat dit tog poog om die analise so onpartydig moontlik te stel. 'n Sistematiese en subjektiewe benadering word gebruik om die unieke probleme rondom die implementering van die program in 'n aantal skole in die Brits-distrik te beskryf, betekenis daaraan te gee en aanbevelings te maak. Derhalwe is die studie konteksgebonde en gaan dit gepaard met die eiesoortige ervaring van 'n groep individue, eerder as om al die skole in die Brits-distrik te betrek en op grond daarvan veralgemenings te maak (Mouton en Marais, 1990:50-53).

3.3 NAVORSINGSMETODE

'n Uiteensetting van die betroubaarheid van die studie, navorsingsgroep, data-insameling, dataverwerking, literatuurkontrolle en opstel van riglyne word gegee.

3.3.1 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID

Geldigheid en betroubaarheid is sleutelkonsepte in navorsing. Dit verseker dat die navorsingsinstrument akkurate en betekenisvolle antwoorde verskaf op die navorsingsvraag (Dyer, 1995:127). "All research is concerned with producing valid and reliable knowledge in an ethical manner" (Merriam, 1988:165). Geldigheid en betroubaarheid van die studie word bereik deur aandag te gee aan die konseptualisering van die studie, asook die data-insamelingsmetodes en dataverwerking (Merriam, 1988:165).

Merriam (1988:166) haal Kirk en Miller (1986) en Lincoln en Guba (1985) aan wat sê dat daar verskillende konseptualiserings van geldigheid en betroubaarheid moet wees. Interne geldigheid verwys na die feit dat die bepaalde studie akkurate en werklikheidsgetroue bevindinge oor die betrokke domeinverskynsels wat bestudeer is, gegenereer het. Volgens Mouton en Marais (1990:53) het 'n projek dus intern geldige resultate opgelewer as die konstrukte wat gemeet is geldige metings

opgelewer het, die ingesamelde data akkuraat en betroubaar is, die ontledings getrou bly aan die data en die finale gevolgtrekkings deur die data ondersteun word.

Omdat hierdie 'n kwalitatiewe studie is en kontekstuele faktore voorop staan, speel eksterne geldigheid nie 'n noemenswaardige rol nie. Daar word nie beoog om die studie te veralgemeen nie en daar sal dus kortliks gefokus word op vereistes wat aan interne geldigheid gestel word en hoe die navorser gepoog het om aan hierdie vereistes te voldoen.

- **Triangulering**

Triangulering verwys na die gebruikmaking van verskillende data-insamelingsmetodes, dataverwerking en analiseerders om die betroubaarheid en geldigheid van die studie na te gaan "If similar themes are noted from a variety of sources, the credibility of the interpretation is enhanced" (Leedy, 1997:169). In hierdie spesifieke studie is daar van 'n literatuuroorsig, observasie, individuele onderhoude, fokusgroepbesprekings en nagaan van dokumente as data-insamelingsmetodes gebruik gemaak (vergelyk 3.3.3).

Die navorser het van 'n onafhanklike waarnemer gebruik gemaak wat die fokusgroeponderhoude bygewoon het en ook met die kodering gehelp het. Daar is ook van veldnotas wat tydens die onderhoud gemaak is, gebruik gemaak. Dit het plaasgevind sodat seker gemaak kan word dat alle moontlike temas aangespreek word (vergelyk 3.3.3.3).

Daar is gepoog om ook aan die ander vereistes wat Gall, *et al.* (In Leedy, 1997:168) aan die betroubaarheid van 'n kwalitatiewe studie stel, te voldoen. Dit sluit, behalwe triangulering, ook "member checking, chain of evidence, outlier analysis, pattern matching and representativeness checking" in (vergelyk 3.3.2).

Betroubaarheid word deur Mouton en Marais (1990:81) as die sentrale geldigheidsoorweging in die data-insamelingsproses beskou. Mouton en Marais (1990:81) stel betroubaarheid soos volg: “of die toepassing van ‘n geldige meetinstrument op verskillende ondersoekgroepe onder verskillende omstandighede tot dieselfde waarnemings sal lei”.

Betroubaarheid van waarnemings of data word deur vier veranderlikes bepaal: die navorser, die individu (groep wat bestudeer word), die meetinstrument en die navorsingskonteks. Geen navorser kan volgens Mouton en Marais (1990:92) verwag om die verskynsel van reaktiwiteit in die navorsing volkome te identifiseer of te verreken nie. Die doel van die navorsingsontwerp is egter dat deur sistematiese beplanning en strukturering van die navorsingsprojek daarin geslaag sal word om die gesamentlike effek van steuringsveranderlikes te verminder en daardeur die uiteindelijke geldigheid van die navorsingsbevindinge te verhoog. Daar word voorgestel dat die effek van die steuringsveranderlikes deur onder andere intermetodiese kruisvalidasie (triangulering), versekering van anonimiteit, opbou van rapport, koverte navorsing, kontrolegroep, opleiding, keuse van veldwerker, meetinstrumentbetroubaarheid en konstruktiewe replikasie kontroleer kan word.

In hierdie studie is van **triangulering** (vergelyk 3.3.1) gebruik gemaak. Die persone wat aan die fokusgroep bespreking deelgeneem het, is van **anonimiteit** verseker (vergelyk 3.3.4) en omdat hulle die navorser ken en alreeds ‘n verhouding met haar opgebou het, was die **opbou van rapport** nie ‘n probleem nie. Alhoewel die navorser nie van dieselfde ras en geslag as van die respondente was nie, was daar as gevolg van die verhouding wat reeds tussen hulle bestaan, geen noemenswaardige **afstand tussen navorser en subjek** nie. Die navorser het self die onderhoude gevoer en het gevolglik nie nodig gehad om **opleiding aan veldwerkers** te bied nie.

3.3.2 NAVORSINGSGROEP

In kwalitatiewe navorsing is die keuse kriteriumgerigte steekproeftrekking waar die navorser volgens Cloete en Le Compte (In Merriam, 1988:48) die kriterium bepaal wat ondersoek gaan word en dan die navorsingsgroep doelbewus kies sodat hulle binne die kriterium wat ondersoek gaan word val. Die doel van fokusgroep navorsing is nie om veralgemenings te maak nie, daarom is ewekansige steekproeftrekking nie nodig nie (Breakwell, et al. 1998:279). Deur die kriterium wat ondersoek word in gedagte te hou wanneer 'n navorsingsgroep geselekteer word, verseker die navorser dat die deelnemers 'n mening omtrent die navorsingarea sal hê.

Die grootte van die groep wissel oor die algemeen tussen vyf tot tien lede (Leedy 1997:162; Breakwell, et al. 1998:280; Greenbaum, 1988:38) met die ideaal tussen ses en agt. Dit word ook voorgestel dat twintig persent meer persone genooi moet word omdat sommige persone nie opdaag nie (Breakwell, et al. 1998:281).

Die navorsingsgroep vir hierdie studie het bestaan uit tien lede omdat al die persone wat genooi is om deel te neem, opgedaag het. Uit die onderhoud het dit egter geblyk dat ten spyte van pogings van die navorser en ander lede van die groep om hulle te betrek twee lede byna geen insette gelewer het nie. Een van die lede van die groep het ook nie tot die einde gebly nie.

Die teikenpopulasie was opgeleide onderwysers wat verteenwoordigend van alle kultuurgroepe in die Brits-distrik is. Daar is ook individuele onderhoude met hoofde van skole waar opgeleide onderwysers is en met die persone aan die stuur van die program op nasionale en provinsiale vlak, gevoer.

Deelname het op 'n vrywillige basis geskied alhoewel toestemming vir die voer van onderhoude met die onderwysers en hoofde van die provinsiale programbestuurder en die distriksbestuurder verkry is.

3.3.3 ETIESE ASPEKTE

Voordat daar met navorsing begin word, is dit nodig om behalwe die navorsingsontwerp ook die etiese aspekte rondom die studie in ag te neem.

Breakwell, et al. (1998:29-33) noem die volgende aspekte wat in ag geneem moet word:

- **Die beskerming van die welstand van die deelnemers**

In die praktyk beteken dit dat die deelnemers nie blootgestel of onderwerp moet word aan enige iets wat hulle welstand sal affekteer nie. Met die onderhoude wat gevoer is, was daar geen gevaar dat die respondente se welstand affekteer sou word nie.

- **Oorwoë toestemming**

Wanneer 'n respondent instem om aan die navorsing deel te neem, moet hy ingelig word omtrent alle sake wat sy besluit moontlik kan beïnvloed, byvoorbeeld die doel van die navorsing. Breakwell, et al. (1998:30) noem ook dat 'n navorser "is often in a position of authority or influence over the participants. This should never be used to pressurise the participants to take part in, or remain in, an investigation". Die navorser het die deelnemers ingelig oor die doel van die navorsing en het aangedui dat deelnemers wat uitgenooi is, geensins verplig word om deel te neem nie. Daar is ook toestemming van skoolhoofde, die provinsiale programbestuurder en die distriksbestuurder verkry om die navorsing te doen en die onderwysers te betrek.

Die respondente was bewus daarvan dat die bespreking op band opgeneem word en het ook daarvoor hulle toestemming gegee.

- **Gebruik van misleiding**

Soms is dit moeilik om respondente volledig in te lig en word van misleiding van die respondente gebruik gemaak omdat hulle kennis van die navorsing navorsingresultate kan beïnvloed. Dit word slegs in uiterste gevalle gedoen en in die geval van hierdie studie, was dit nie nodig nie.

- **Verlening van navorsingshulp/ontlonting**

In alle studies waar respondente bewus daarvan is dat hulle aan navorsing deelneem, moet die navorser die respondente behulpsaam wees deur byvoorbeeld na die tyd hulle verwagtinge te bespreek. Dit is ook nodig om terugvoer oor die resultate en aanbevelings aan hulle te gee (Breakwell, *et al.* 1998:31). Dit het met hierdie studie plaasgevind.

- **Respondent se reg om van die navorsing te onttrek**

Die navorser het aan die begin van die onderhoud aangedui dat die respondente ter eniger tyd van die studie mag onttrek. Een van die respondente het nie aan die volle bespreking deelgeneem nie as gevolg van 'n dringende afspraak. Twee van die respondente het ook nie aktief deelgeneem nie, alhoewel hulle nie die lokaal verlaat het nie.

- **Konfidensialiteit en anonimiteit**

Respondente is vooraf verseker dat inligting wat verkry word anoniem en generies bekend gemaak sal word. Geen name van die betrokke respondente is in die transkripsie genoem nie en geen respondent kan geïdentifiseer word nie.

3.3.4 DATA-INSAMELINGSMETODES

In kwalitatiewe navorsing is data-insameling gemik op die beskrywing van die fenomeen wat nagevors word. Data “can be concrete and measurable ... or invisible and difficult to measure, as in feelings” (Merriam, 1988:67). Kwalitatiewe studie

maak gebruik van onderhoudvoering, observasie en dokumente (Merriam, 1988:67; Vockell en Asher, 1995:198-200; Mason, 1996:35).

- In hierdie studie het 'n **literatuurstudie** die basis en raamwerk van die studie gevorm.
- **Observasie** van verbale en nie-verbale boodskappe het in die onderhoudsituasie plaasgevind. Daar is van veldnotas gebruik gemaak om observasies aan te teken.
- **Persoonlike onderhoude** en fokusgroeponderhoude is op band opgeneem en getranskribeer. Daar is aandag gegee aan die verbale en nie-verbale kommunikasie van die deelnemers.
- **Dokumente** waaronder verslae uit verskillende distrikte, notules van vergaderings, vraelyste aan skole, provinsiale vorderingsverslae en beleidsdokumente is bestudeer.
- **Triangulering** (Intermetodiese kruisvalidasie) is die gebruik maak van verskillende metodes van data- insameling, databronne en teorieë rondom dataverwerking (Leedy, 1997:169; Mason, 1996:149). Die idee van triangulering is dat meerdere of verskillende metodes deur hulle komplementariteit mekaar se nadele korrigeer. Omdat verskillende data-insamelingsmetodes gerig is op die verkryging van spesifieke soorte inligting, word die beperkinge van een spesifieke metode ten minste gedeeltelik oorkom deur triangulering (Mouton en Marias, 1990:93).

Daar word kortliks op die literatuurkontrole, observasie en onderhoude uitgebrei.

• **LITERATUURKONTROLE**

Teorie is belangrik omdat dit die proses van die navorsing help vorm. Dit plaas die navorsing binne die regte perspektief (Merriam, 1998:53; Vockell en Asher, 1995:435). "A literature review interprets and synthesizes what has been published in the area of interest" (Merriam, 1988:61). Die literatuuroorsig in hoofstuk 2 is hoofsaaklik omtrent internasionale bevindinge omdat HIV/VIGS, seksualiteit en

lewensvaardighedeprogramme eers onlangs in Suid-Afrika en veral in die Noord-Wes provinsie van stapel gestuur is. Die literatuuroorsig kan egter help om ooreenkomste, verskille en unieke bydraes van die studie te identifiseer (Poggenpoel, 1993:8) (Vergelyk hoofstuk 4).

- **OBSERVASIE**

Observasie gekombineer met individuele onderhoude, fokusgroeponderhoude en 'n literatuuroorsig help met 'n holistiese interpretasie van gegewens (Merriam, 1988:102). Observasie vind in natuurlike omgewings plaas en sluit waarneming en luister in. 'n Potensiële probleem met die observasie tegniek is dat die persone wat waargeneem word, deur die waarnemer beïnvloed kan word (Vockell en Asher, 1995:142).

Met hierdie studie is die objek wat waargeneem moet word, die implementering en aanbidding van die program in die skoolsituasie. Implementering vind egter nie plaas nie. Implementering moet ook oor 'n tydperk geskied, dit is dus onprakties om gedurende dié tydperk by al die skole te wees. Betreffende die implementering van die program is inligting verkry (waargeneem) uit vraelyste aan skole, opmerkings van onderwysers wat die distrikskantoor besoek en uit verslae vanuit ander distrikte.

Dit is wel moontlik om die verbale en nie-verbale gedrag van die deelnemers aan die onderhoude en fokusgroepbesprekings te observeer. Dit is in die veldnotas aangeteken.

- **ONDERHOUDE**

In kwalitatiewe navorsing is onderhoudvoering 'n belangrike manier om data in te samel. Die onderhoude stel die navorser in staat om inligting van die respondent te verkry (Vockell en Asher, 1995:133). Dit verskil van alledaagse gesprekke omdat die onderhoud volgens Merriam (1988:72) 'n gesprek met 'n doel is.

Die onderhoud in kwalitatiewe navorsing is 'n voorbedagde metode om uit te vind hoe die respondent voel en dink oor die saak wat nagevors word. Die gesprek is tussen vreemdelinge en word gelei deur die navorser.

Volgens Vockell en Asher (1995:133) is 'n onderhoud 'n beter metode van data-insameling as 'n vraelys omdat 'n onderhoud buigsaam is. Dit is vir die onderhoudvoerder moontlik om vir verduidelikings van antwoorde te vra en sy kan ook reageer op die respondent se nie-verbale kommunikasie en antwoorde (Merriam, 1988:74; Vockell en Asher, 1995:33). Die onderhoud laat die onderhoudvoerder ook toe om vrae te vra "appropriate to the respondent's knowledge, involvement and status" (Merriam, 1998:86).

In hierdie studie is daar onderhoude gevoer met hoofde van skole waar opgeleide onderwysers is, met persone aan die stuur van die program op nasionale en provinsiale vlak en met hoofde van Katolieke Onderwysinstellings. Deur persoonlik met hierdie persone te praat, kan die navorser duidelikheid omtrent response vra en ook gelei word deur die antwoorde. Die persoonlike onderhoude het 'n globale idee verskaf van die breë probleme wat universeel met die implementering ondervind word. Dit het ook 'n perspektief geplaas op die doel met die program in die skole.

Daar is ook van 'n fokusgroeponderhoud as metode om data in te samel, gebruik gemaak (vergeelyk 3.3.2). 'n Sentrale vraag is gevra en daarna is 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer. Merriam (1988:86) noem dat 'n semi-gestruktureerde onderhoud een is met 'n "set of questions and issues to be explored, but neither the exact wording nor the order of questions is predetermined".

Die doel met die fokusgroeponderhoud was om in 'n groepverband te hoor waarmee die onderwysers werklik probleme het rakende implementering. Volgens Breakwell, *et al.* (1998:277) gee die fokusgroep aan individue die geleentheid om sake meer openlik en eerlik te bespreek as wat hulle in individuele onderhoude sou. Hulle noem ook dat groepsdruk veroorsaak dat persone wat in 'n fokusgroeponderhoud deelneem nie misleidende inligting verskaf nie en "the focus group provided the ideal forum in

which the collective mobilisation of community resources and traditions could be captured and analysed in the face of crisis” (Breakwell, et al. 1998:277). Die inligting verkry uit hierdie tipe onderhoud blyk dus baie akkuraat en betroubaar te wees.

3.3.5 DATAVERWERKING

Die insameling en analise van data vind gelyktydig plaas (Merriam, 1988:119; Creswell, 1994:153). In hierdie studie word ‘n bandopname van die fokusgroeponderhoud verbatim getranskribeer. ‘n Dataverwerking word gemaak van die getranskribeerde bandopname met behulp van Giorgi (In Omery, 1983:52) en Kerlinger (1986:477) se metode van dataverwerking.

Die navorser se doel is om geloofwaardige en betroubare inligting in te win (Merriam, 1988:120). Sy maak daarom van die begin af seker dat sy alle vooropgestelde idees en kennis wat sy moontlik oor die aangeleentheid besit “tussen hakies plaas” en sy maak ook gebruik van “intuïtering” as ‘n verdere beheermaatreël (Vergelyk 3.3.1).

Leedy (1997:164) benadruk die feit dat data-insameling en dataverwerking nou verweef is met “early analysis efforts directing subsequent data collection”. Die temas wat vanuit die individuele onderhoude en dokumente verkry is, het die vrae aan die fokusgroep help definieer.

Tesch (In Creswell, 1994:153) noem dat die proses van dataverwerking eklekties is. Volgens Marshal, et al. (In Creswell, 1994:154) is dataverwerking gebaseer op reduksie en interpretasie. In hierdie studie vind dit soos volg plaas:

Die navorser lees die transkripsie van die groeponderhoud deur om ‘n geheelbeeld te kry. Daarna word individuele eenhede verkry deur weer deur die transkripsie te lees. Temas, woorde en sinne word geïdentifiseer deur hulle te onderstreep (Kerlinger, 1986: 479/480). Daardeur word temas, woorde en sinne in verband met mekaar gebring om ‘n geheel te vorm (Leedy, 1997:162).

Volgens Mouton (1996:169) is “the overall coherence and meaning of the data (is) more important than the specific meaning of its parts”. Dit beteken dat dataverwerking in fenomenologiese studie holisties, sinteties en verklarend moet wees (Mouton, 1996: 169). Dit is die metode wat gevolg is met hierdie studie.

Die navorser het 'n onafhanklike navorser gevra om ook sentrale temas te identifiseer en te kategoriseer sodat nog 'n betroubaarheidskontrole uitgevoer kan word. Die veldnota-inligting was hier van groot waarde aangesien dit onder andere die onbetrokkenheid van die twee respondente aan die eksterne kodeerder verklaar het. Die eksterne kodeerder het probleme ondervind om die dialek en spesifieke woordkeuses van sommige van die onderwysers te verstaan. Die veldnotas het ook hier 'n belangrike rol gespeel. Die navorsers het saamgestem omtrent die geïdentifiseerde temas.

Die data is daarna gekwantifiseer. Respondente wat dieselfde aspekte ervaar en beskryf, word in prioriteitsorde aangedui (Kerlinger, 1986:479). Hiervolgens word prioriteitswaardes aan temas verleen.

3.3.6 OPSTEL VAN RIGLYNE VIR DIE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM

Inligting wat uit die studie bekom is, sal aangewend word om riglyne daar te stel wat behulpsaam kan wees met die oplos van probleme wat onderwysers rakende die implementering van die program in skole ervaar.

3.3.7 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Gevolgtrekkings en aanbevelings oor die navorsingsbevindings sal aan die einde van die studie gemaak word. Besprekings en tekortkomings sal uitgelig word.

3.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die navorsingsontwerp en –metode wat in die studie gebruik gaan word. In die volgende hoofstuk sal die data wat uit die fokusgroeponderhoud verkry is, bespreek word en met relevante literatuur gekontroleer word.



HOOFSTUK 4

BESPREKING VAN RESULTATE EN LITERATUURKONTROLE

4.1 INLEIDING

Die resultate van die navorsing word in hierdie hoofstuk uiteengesit en bespreek. Resultate sal in die lig van relevante literatuur beoordeel en geïnterpreteer word. Omdat die implementering van die program in Suid-Afrika en in die Noord-Wes provinsie relatief onlangs gebeur het, bestaan daar weinig literatuur hieromtrent. Vergelykings sal getref word met probleme wat in ander lande voorkom.

4.2 VERWERKING VAN DATA

Individuele onderhoude is gevoer met die bestuurders van die program op nasionale en provinsiale vlak en met 'n verteenwoordiger van die Katolieke Onderwysinstellings om 'n oorsig van die doel en agtergrond van die program te verkry. Omdat die navorser lid van beide die nasionale en provinsiale projekkomitee is, beskik sy self oor baie inligting rakende die proses waartydens die program geïnisieer is.

Daar is ook van 'n fokusgroepbesprekings gebruik gemaak. Daar was tien persone in die groep – vyf mans en vyf dames. Al die deelnemers was onderwysers wat die opleiding ondergaan het. Die onderwysers was van verskillende skole wat alle kulture in die Brits-distrik verteenwoordig. Die skole was vanuit verskillende gebiede: plaasskole, plattelandse skole en stadskole.

Die data is volgens 'n kombinasie van Kerlinger (1986:477) en Giorgi (In Omery, 1983:52) se metodes van analise ontleed. Veldnotas is as deel van die data in die besprekings geïntegreer.

4.2.1 KODERING

Die bandopname van die fokusgroeponderhoud is getranskribeer (Bylae 2). Die transkripsie is deurgewerk deur woorde, sinne en temas te onderstreep. Hoof- en subkategorieë is geïdentifiseer deur verbandhoudende temas saam te groepeer (vergelyk 3.3.5).

‘n Protokol (Bylae 1) is aan ‘n onafhanklike kodeerder gegee om die transkripsie onafhanklik te kodeer. Die navorser en onafhanklike navorser het hierna die resultate bespreek om eenstemmingheid oor die kategorieë te verkry. Die data is, soos wat van die fenomenologiese uitgangspunt verwag word, op ‘n holistiese wyse geïnterpreteer.

4.2.2 KWANTIFISERING VAN RESULTATE

Die resultate is volgens prioriteit gerangskik op grond van die aantal respondente wat dieselfde aspek ervaar en beskryf het.

4.3 BESPREKING VAN RESULTATE BEKOM UIT DIE FOKUSGROEPONDERHOUD

Die resultate is in kategorieë geplaas. Dit sal aan die hand van hoof- en subkategorieë bespreek word. Direkte aanhalings word ter verduideliking van die kategorieë gegee.

Temas word slegs in hoof- en subkategorieë verdeel om hulle te onderskei en bespreking te vergemaklik. Die kategorieë moet egter nie in isolasie gesien word nie, maar as deel van die hele belewing van die probleme rakende die implementering van die program.

4.3.1 KATEGORIE 1: PROBLEME BINNE DIE SKOOL

Die opgeleide onderwysers waarmee onderhoude gevoer is beleef die implementering van die program elk op 'n unieke wyse. Die program word op verskillende wyses in die verskillende skole aangespreek, maar oor die algemeen word dit nie volledig in een skool aangebied nie.

Subkategorieë van probleme binne die skool wat implementering beïnvloed is onder andere die opgeleide onderwysers, die skoolrooster, hulpbronne en diverse groepe leerders. Vervolgens sal die kategorieë meer breedvoerig bespreek word. Dit sal met aanhalings uit die transkripsie van die onderwysers se response gestaaf word.

4.3.1.1 OPGELEIDE ONDERWYSERS

Alhoewel daar voorgestelde kriteria vir die seleksie van onderwysers aan die hoof gestuur is, wil dit voorkom asof baie min hoofde daarvan gebruik gemaak het. Op die vraag hoe hulle by die program betrokke geraak het, het die respondente soos volg reageer:

R2: "I am always at the forefront at school ... whenever there is anything to do, I volunteer."

R8: "I was interested."

R7: "I was chosen out of interest ... I wanted to help."

R6: "I will go – I volunteered." "The love of children, I am not afraid to talk about sex."

R5: "Nobody else wanted to attend and I like to be informed."

R4: "I was recruited by other teachers."

Dit kom voor asof die onderwysers meestal geïnteresseerd in, of besorgd oor HIV/VIGS is. Dit is egter duidelik dat daar ook onderwysers vir opleiding gestuur is wat geen belangstelling in HIV/VIGS het nie, of wat bang is dat hulle betrokkeheid by die program tot afdanking of her-ontplooiing by ander skole kan lei.

R5: "... then there is this fear of redeployment ... and I think at this stage, after what we have been through in the last few ... last year, the morals of teachers is down."

R10: "Principals have to select appropriate teachers, not only biology teachers or guidance counsellors."

R2: "... teachers sleep around but they want children not to ..."

Dit word in die literatuur genoem dat die onderwyser wat seksualiteitopvoeding bied net so belangrik as die seleksie en ontwikkeling van die kurrikulum is. (Curcio, *et al.* 1996:49). Wanneer die seleksiekriteria dus nie toegepas word wanneer onderwysers gestuur word om die program by te woon nie, is die implementering van die program gedoem nog voordat dit begin het.

Die feit dat voorligting en lewensvaardighedeperiodes nie op die skoolrooster voorkom nie en 'n lae status geniet, maak onderwysers ook negatief om opleiding by te woon. Onderwysers is bang dat wanneer hulle aktief by die program betrokke is hulle her-ontplooï of afgedank gaan word omdat dit nie 'n eksamenvak is nie.

4.3.1.2 SKOOLROOSTER

Dit blyk dat die skoolrooster nie voorsiening maak vir lewensvaardighedeperiodes nie. Daar word in die meeste skole eerder op vakke waarin eksamen geskryf word, gekonsentreer. Volgens die tussentydse sillabus vir voorligting en lewensvaardighede moet elke klas twee periodes per week aan voorligting en lewensvaardighede spandeer. Dit gebeur egter nie.

R8: "Ja, Its not in our timetable ..."

R7: "We don't have it on our timetable ..."

R4: "... is not permitted into the timetable."

R3: "And again it is not permitted in the timetable."

Binne Kurrikulum 2005 vorm lewensoriëntering een van die agt leerareas, maar hierdie program is nog nie in die hoër- en middelskole geïmplementeer nie.

- R2: "... there is this new OBE which is theoretically doing something about the importance of guidance..."
- R1: "... theoretically that is ..."
- R1: "... OBE is not yet in our schools ..."
- R6: "... it is not yet implemented so we must draw the line here ..."

In gevalle waar onderwysers wel probeer het om die program aan te bied ten spyte van die probleme met die rooster, het hulle deeglik besef dat hulle slegs inligting rondom HIV/VIGS kon gee weens 'n gebrek aan tyd, en dat die program meer behels as die oordra van kennis.

- R1: "... you must tell your principal where in the day to fit it in, so that pupils is not disrupted ..."
- R2: "You cannot put the whole program across in one day ... it must be continuous, there must be progression."

Die eenmalige ingrepe verskaf inligting rakende HIV/VIGS, maar die blote oordrag van biomediese inligting omtrent die HI-virus is nie genoeg om gedragsverandering te bewerkstellig nie (Kerr, *et al.* 1989: 301-307).

Edwards en Van der Merwe (1999: 65) noem ook dat verantwoordbare HIV/VIGS-opvoeding binne 'n omvattende seksualiteit- en lewensvaardighedeprogram aangebied moet word. Die doel met die program word dus nie verweselik deur net inligting in 'n kort tyd te verskaf nie en implementering vind dus nie soos beplan plaas nie.

4.3.1.3 HULPBRONNE

Skole, veral plaasskole, noem dat die suksesvolle implementering van die program beïnvloed word deur die tekort aan basiese hulpbronne soos byvoorbeeld elektrisiteit. Onderwysers by hierdie skole het gevoel dat toegang tot elektrisiteit tot die implementering van die program sal bydra omdat daar dan van videos en fotostate van opleidingsmateriaal gebruik gemaak kan word.

R2: "... secondly we do not have resources ... we don't have ... videocassettes, we cannot play it ..."

R7: "We even do not have electricity ..."

R10: "I think the usage of visual material plays an important role in a learner understanding HIV/AIDS ... it would be a futile exercise, like it has already happened for the department of education to provide school with videocassettes, when most of our schools are in the rural areas where there is no electricity."

Soraya, Ropholo, Schneider en Everatt (1998: 8) het gevind dat dieselfde probleme in skole in Gauteng voorkom. Soraya, *et al.* (1998: 9): "What learners and some teachers failed to realise was that such machinery (video and photocopiers) still needed to be bought."

4.3.1.4 DIVERSE GROEPE LEERDERS

Die onderwysers beleef dat die programopstellers nie die diversiteit in skole in ag geneem het nie. Programimplementering word bemoeilik deur die feit dat skole al meer geïntegreerd raak. Dit beteken dat daar in een klas leerders met verskillende agtergronde in terme van ras, kultuur, geloof, taal ens. is. Die taak van die onderwyser word hierdeur bemoeilik.

R5: "People are sitting on high chairs writing policies that people on the ground must implement."

R5: "... the school is compulsive of a wide variety of cultures ..."

R10: “Learners are some in primary school, but age wise they are supposed to be in a secondary school ...”

R2: “In our community std 3’s are sexually active because of poverty.”

R7: “... grade 1 ...”

R8: “We all come from different backgrounds ... but again there are some children who are not sexually active ...”

4.3.2 KATEGORIE 2: PROBLEME IN DIE SAMELEWING

4.3.2.1 OUERS EN GEMEENSKAPPE

Dit is nodig vir die skool om die ouers en die gemeenskap te betrek in die ontwerp en implementering van die program sodat hulle moontlike vrese aangespreek kan word (Soraya, *et al.* 1998:8; Edwards en Van der Merwe, 1999: 7). Gemeenskappe kan die verantwoordelikheid gegee word om die beleid so te verander dat die etos van die skool en gemeenskap daarbinne reflekteer word.

Die onderwysers beleef dat die ouers en gemeenskappe hulle inhibeer en nie ondersteun nie.

R7: “... we don’t talk sexual ... matters with children ... it is a common problem why we don’t implement it.”

R5: “... the school is compulsive of wide variety of cultures ... the fear was the reaction of the parents of all these different culture groups and that is what prevents us from even trying to implement it.”

R7: “... people in the farm community they are illiterate, they think that talking to them about these things make them more vulnerable.”

R5: “Our parents have the wrong idea because of the media ...”

R10: “... parents are also supposed to play a greater role ...”

R4: “People are just not informed.”

Freudenberg en Radosh (1998: 11) noem dat die deelname en ondersteuning van ouers en gemeenskappe van die program die boodskap tuis versterk. Indien onderwysers geen ondersteuning van die gemeenskap verkry nie en ouers self antagonisties teenoor die program is, is dit onmoontlik dat suksesvolle implementering kan plaasvind.

4.3.2.2 HOUDINGS, NORME EN WAARDES

In die fokusgroeponderhoud noem die respondente dat die gemeenskap se houdings jeens HIV/VIGS die implementering van die program beïnvloed. Indien die gemeenskapleiers die program ondersteun verleen dit kredietwaardigheid aan die program (Freudenberg en Radosh, 1998: 14).

Dit blyk dat die ouers van die leerders van veral die plaasskole ongeletterd is en ander meer basiese behoeftes as betrokkenheid by die program het.

R7: “ ... the people in the farm community, they are illiterate ... they do not talk about sexual matters ... because that is their entertainment.”

R10: “ ... we must not think it can be achieved overnight because it is also censored by cultural and religious beliefs where sex cannot be discussed openly.”

R7: “ ... you may find that parents are the ones who send their kids to go and indulge in this sex matters. They want money to buy this and that.”

R7: “I think maybe we should correct the attitude of all people concerned ...”

Die waardes en norme in gemeenskappe waarin die skool is speel ook 'n rol, al is die leerlinge nie noodwendig van daardie gemeenskap nie.

R5: “Values and norms differ from culture to culture and within communities. Our school is in an Indian community, mostly Muslim, but the pupils are from all over. Now we are ruled by a Muslim SGB who does not want this sexuality education but our children need it. The school must take the community within the school into consideration.”

Dit blyk dat die implementering van die program verhinder word deur kulturele faktore asook houdinge, waardes en norme binne die spesifieke gemeenskappe waarin die skool geleë is.

R10: “The reality is that the situation in schools is not very conducive to implementation of the program.”

4.3.3 KATEGORIE 3: PROBLEME BINNE DIE PROVINSIE EN DISTRIK

Volgens die deelnemers aan die fokusgroeponderhoud word talle probleme binne die provinsie en distrik ondervind wat implementering belemmer. Die onderwysers noem dat hulle geen ondersteuning van distrikpersoneel kry nie. Hulle dui ook aan dat monitering nie kan plaasvind nie omdat distrikpersoneel nie ondersteuning vanaf die provinsiale kantoor kry nie.

R4: “Government can’t even pay for basic things like telephones and electricity or transport for officials, how can they help us?”

R1: “We have teachers but district has no personnel ...”

R5: “ ... I cannot get their telephones, it has been cut...”

R4: “There are no cars in the district offices.”

R4: “... district should be going to schools ... full house ... all the time ... They are failing.”

R2: “They are failing us ... they do not ... I do not know how to put it ... they do not insist on province giving them help.”

Die rol van die distrikpersoneel word gesien as:

R4: “the counselor can go from school to school to inform pupils and parents.”

R5: “The education department will inform them and trained teachers can reach the children.”

R2: “Then they can give us support ...”

Literatuur dui aan dat die “administrative and management support are critical to the task of implementation” (Soraya, et al. 1999: 13). Implementering van die program word dus ook verhinder deur die onbetrokkenheid van opleiers by monitering en evaluering van die program in die skole.

4.4 SAMEVATTING

Gebaseer op die inligting soos verkry uit die fokusgroeponderhoud kan dit afgelei word dat die deelnemers aan die studie die volgende probleme rakende die implementering van die program in die skool ondervind:

- Probleme binne die skool byvoorbeeld die skoolrooster, opgeleide onderwysers;
- Probleme binne die gemeenskap waaronder ouers, houdings, waardes en norme;
- Probleme binne die provinsie en distrik onder andere ondersteuning, montering en evaluering.

Sommige van hierdie probleme is spesifiek aan die distrik terwyl ander universeel deur programaanbieders beleef word.

In die volgende hoofstuk sal aanbevelings gemaak word om die probleme wat die respondente in die Brits-distrik rakende implementering beleef, aan te spreek. Daar sal ook op die moontlike tekorte van die studie gewys word en aanbevelings vir verdere navorsing sal gemaak word.

HOOFSTUK 5

RIGLYNE VIR DIE SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN 'N HIV/VIGS, SEKSUALITEIT EN LEWENSVAARDIGHEDEPROGRAM IN DIE BRITS- DISTRIK IN DIE NOORD-WES PROVINSIE

5.1 INLEIDING

Die resultaat van die empiriese ondersoek is in hoofstuk vier bespreek en toegelig aan die hand van literatuur wat in hoofstuk twee ondersoek is. Daar is opsommend drie hoofemas in die resultate geïdentifiseer en bespreek.

Die drie hoofemas is:

- Probleme binne die skool;
- Probleme binne die gemeenskap;
- Probleme binne die provinsie en distrik.

In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om riglyne te stel sodat die probleme wat die onderwysers rakende die implementering van die program in die Brits-distrik ondervind aangespreek word. Die riglyne sal aan die hand van bogenoemde drie hoofemas bespreek word.

5.2 AANBEVELINGS OM DIE SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM IN DIE BRITS -DISTRIK TE BEWERKSTELLIG

Die implementering van die program is 'n enorme taak. Wanneer in ag geneem word dat die program slegs 'n jaar aan die gang is, is dit belangrik om nie net op die negatiewe te fokus nie, maar ook die vooruitgang wat reeds plaasgevind het te erken.

Uit die onderhoude wat gevoer is, is dit duidelik dat daar definitiewe probleme rakende implementering ervaar word. Dit is in die lig van hierdie probleme dat die volgende aanbevelings gemaak word:

Aanbevelings om probleme rakende implementering **binne die provinsie en distrik** aan te spreek.

- Skoolhoofde moet oortuig word van die belangrikheid van die program. Hulle samewerking is noodsaaklik sodat implementering van die program kan slaag.
- Alle rolspelers betrokke by opvoeding moet betrokke wees by die samestelling van opleidingsprogramme en die stel van vereistes vir implementering sodat die realiteit in aanmerking geneem kan word.
- Monitering en evaluering van die proses moet deurentyd plaasvind sodat probleme direk aangespreek kan word.
